DEEL II. No. 3.] MEI, 1897 [4s. PER JAAR.

INHOUD.

DI KONINGIN FAN SKEBA—XII. DI WIIG FAN DI MENSDOM

NEEF GERTJI EN NIG AALTJI—(Gedig)

DI AFGUNS DUIWEL, I.—Neef Jan.

DI STUDI FAN DOKTER BOOI JAFTHA O'ER 'N FROUMENS

WAT MENSE FAN MY SE

OOM DIRKI EN EK OP JAG

ONBESKRYWE OF FERKEERD BESKRYWE BLADSYE FAN ONS GESKIDENIS—Di Held fan Bronkorsspruit

JOURNAAL FAN A. A. CILLIERS

FERSKIL TUSSEN HOLLAND EN AFRIKA, II. —'n Mof

GESELSERY MET ONS LESERS—Is di *Rooskuppi* en *Koningin fan Skeba* werkelike gebeurtenisse?—Di lelike "Word ferfolg" net gebruik as noodsakelike kwaad, ens.

M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIERS
te Paarl en Worcester
Markt Plein. Russel Straat.
WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN ZEER BILLIJKE PRIJZEN.
OUDE PORTRETTEN VERNIEUWD EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.
SCHILDERIJLYSTEN
VAN EENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.
SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTEN.
ALLE WERK WORDT GEWAARBORGT EIGENHANDIG TE ZIJN.

AFRIKAANSE BOEKE.

Di Afrikaanse Almanak, 1897.—PRYSFERMINDERING fan 1s. tot 6d. en 5s. per dosyn, en dit fer 'n boek fan 126 bladsye, met 6 plate, en alle nuttige informasi, burgerlik, staatkundig en kerkelik.

Genesis in Afrikaans, 9d. per post. Ver 12 exemplaren 7s. 6d., ver 25 exemplare 12s. 6d.

Di Evangeli van Matteus in Afrikaans vertaal, met gelijkluidende tekste en antekeninge op moeilike plase. Prys 1s.

Afrikaans ons Volkstaal, 71 Stellinge verklaard door Ds. S. J. du Toit. Nu 9d., per post 1s.; 12 ex. voor 10s.

Geskidenis van di Afrikaanse Taalbeweging, 146 bl. Nu 9d. per pos 1s.; 6 ex. per pos ver 5s.

Di Meer N'Gami en andere Noordelike Streke. Met kaart. Nu per post 6d.; 12 ex. voor 4s.

Van di Blokhuis na di Withuis. Lewe van President Garfield. Nu per pos 6d.; 25 ex. voor 4s.

Handboek ver Godsdiinsonderwijs, op di Skool, in di Katkesasi, en by di Huis, deur Ds. S. J. du Toit. Nu per pos 6d.; 12 ex. ver 4s. 6d.; 25 ex. voor 7s. 6d.

Di Geskidenis van di Hugenote, van 1521 tot 1789, deur Pastor. Nu per pos 6d.; 6 ex. ver 2s. 6d.

Afrikaanse Gedigte. Eerste Versameling. Derde Druk. Nu per pos 6d.; 6 ex. ver 5s.

Samesprake in Afrikaans en Engels, same met 'n Lys van woorde en Uitdrukkings, ver di gebruik van Afrikaners wat wil Engels leer, en Engelse wat wil Afrikaans leer, deur oom Willem. Nos. 1, 2 en 3. Nou ver al 3 nommers per pos 1s. 6d.; 12 exemplare ver 15s.

Eerste Afrikaanse Prente-Bo[illegible] ver Soet Kinders 72 Bladsye, met 'n menigte mooi Printjiis en Leesstukkiis. Nou 6d., per pos 9d.; 6 ex. ver 3s. 9d.

Di Spogduiwel. Nou per pos 3d.; 12 ex. ver 2s. 6d.

Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge van 1850 to 1853, 1846, 1834 en 1835, deur P. J Coetzer, prijs per pos 9d.

Di Wege des Here met George Muller, prys 6d.

Di Afrikaanse Boer, No. 2, 3 en 4 Bevattende 'n menigte nuttige wenke en reseppe in belang van di Boerdery in ons land, prys, 3d. stuk.

Di Geskidenis van ons Land in di Taal van ons Volk. Twede uitgaaf. (Angevul tot 1895 en vermeerder met Bylage), prijs 4s. 6d., per pos 5s.

Di Suid Afrikaanse Kook, Koek- en Resepteboek. Sesde druk. Deur Mej. J. Dykman, prys 2s. 6d., per pos 3s.

Verkrijgbaar bij D. F. DU TOIT & Co., Beperk, Paarl.

DEEL 2.] ONS KLYNTJI, MEI 1897. [No. 3.

Inhoud.

DI KONINGIN FAN SKEBA—XII. Di Wiig fan di Mensdom 49

NEEF GERTJI EN NIG AALTJI—(Gedig) 53

DI AFGUNS DUIWEL, I.—Neef Jan.... 55

DI STUDI FAN DOKTER BOOI JAFTHA O'ER 'N FROUMENS 60

WAT MENSE FAN MY SE 64

OOM DIRKI EN EK OP JAG 64

ONBESKRYWE OF FERKEERD BESKRYWE BLADSYE FAN ONS GESKIDENIS—Di Held fan Bronkorspruit 68

JOURNAAL FAN A. A. CILLIERS 70

FERSKIL TUSSEN HOLLAND EN AFRIKA, II.—'n Mof 71

GESELSERY MET ONS LESERS—Is di *Roosknoppi* en *Koningin fan Skeba* werkelike gebeurtenisse ?—Di lelike "Word ferfolg" net gebruik as noodsakelike kwaad, ens. 72

DI Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik en Kerkelik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud bisonder belangrik. Prys nou net mar 'n 6d. per pos. *Kontant.*

"ONS KLYNTJI."—Di eerste jaargang Maart '96—'97 is nou ingebonde in 'n stywe konfert en ferkrygbaar fer 5s. stuk. Nuwe intekenaars wat ni meer nommers fan di eerste jaargang kan kry ni, kan nou op di wyse gehelp raak.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR Ds. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, geskrywe deur Elihoref, Salomo syn gehymskrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskidenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skaite ferberg is onder di berg Afoer by di gebalsemde lyke fan di Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di berg ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di twede deel befat di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befindings.

Di perkamentrolle is by plekke beskadig deur fogtighyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 rifire (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprong het—en hoe di eerste mense affallig geworde het en deur God gestraf is.—Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel ; by di ingang is di sondefloed afgebeel en ferder bose geeste.

Klaas werd deur 'n Mamba-slang gebyt en deur Umsalomi genees met slanggif. Di afstammelinge fan Gam kom na di Sondefloed terug na Afrika, en stig di ryke fan Egipte en Etiopi'e. Syn seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland, en syn seun Skeba stig hiir di ryk.

Hatasu, Koningin fan Egipte stuur di eerste skippe na di Goudland toe, 700 jare foor Salomo ; sy maak 'n o'ereenkoms dat di Konings fan Egipte ferder di Koninginne fan Skeba sal anstel, en laat alles afbeel in 'n tempel, di beskrywing en afbeeldings kom o'ereen met di afteke-ninge hiir in di oue grafkelders.

Ons dokter ons osse gesond fan di tsetse-vliig syn steek met slanggif. Daarop lees ons uit di rol di geskidenis fan Josef in Egipte, waaruit blyk dat di Koningin fan Skeba 'n afstammeling fan Josef is.

Di Ingang tot di grafkelders was di follende nag toegefal met di reen. Ons stuur fer Klaas te pêrd om te gaan Boesmans huur om te help ope grawe, en laat fer Umsalomi di osse oppas. Di aand kom gen een fan di twe uit ni. Di rol fertel fan di Priister-Konings in Egipte en gé 'n beskrywing fan 'n Fees fan di son en fan forstelike Liifdesgehyme, waarfan di uitslag is dat twé Prinsesse kort na makaar gebore, mar in di gehym omgeruil worde, en dis twe hoofpersone in di ferdere geskidenis.

Di Kroonprins fan Egipte was ferliif op 'n Egiptise prinses uit di priisterstand, 'n afstammeling fan Josef, Osifra, mar syn fader, di Koning, dwing hom om met 'n ander prinses te trou, uit di froeger koninklike stam, haar naam was Ramaka. Alby prinsesse befal kort na makaar, elkeen fan 'n dogter, en op Osifra haar ys word hulle stilletjiis omgeruil. Haar dogter, Hanes, word an di hof opgefoed as kroonprinses, en Ramaka haar dogter, Balkis, foed sy self op as priisteres. Toen hulle groot was werd Balkis koningin fan Skeba en Hanes trou met Salomo'en Osifra gaan same met haar na Jerusalem as een fan haar hofdames.

Salomo stuur skippe na Skeba om goud te haal en stuur 'n briif an di Koningin om hom te kom besoek. Sy kom met 'n karafaan o'er Egipte, en fandaar na Jerusalem waar sy feestelik ontfang worde. Daar loseer sy in di Palys fan Hanes, en Osifra openbaar an hulle twe di gehym fan hulle geboorte en omruiling onder foorwaarde fan ferdere gehymhouding.

Balkis besoek fer Salomo in di Libanon Palys, wat beskrywe word, en breng hom 'n persent fan 100 Slawe en 100 Slafinne met kosbare geskenke, waarby 'n goue kroon en goue septer met diamante. Salomo gaan di follende dag met haar ry na syn Tuine en Fywers. Op pad gé sy fer hom di raaisel fan di geboorte en omruiling fan haar en Hanes, op 'n ferbloemde maniir, en fra hoe so'n saak nou sou moet uitgewys worde? Salomo syn antwoord is: deur weer om te ruil, sodat ider op haar regte plek kom, iits wat Osifra tot dipere gedagtes breng, by wat sy meer opgemerk het.

Osifra en Hanes het oek opgemerk dat di Koning en Balkis ferliif is op makaar, terwyl Hanes en Elihoref makaar hymelik bemin. Hulle twé maak 'n plan om weer om te ruil, sodat Balkis bly as koningin fan Salomo en Elihoref megaan met Hanes na Skeba, onder foorwensel om di geskidenis en toestand fan di land te beskrywe.

Salomo goi Elihoref in di tronk. Di plan fan omruilery gaan deur. Balkis bly by Salomo en Hanes gaan na Skeba. Elihoref gaan same om di geskidenis fan di goudland te beskrywe, en word in di gehyme godsdiins en wetenskap ingewy in Egipte, en an Mero'e waar Enos di eerste tempel gebou het, en in di land fan Kent, bij di Maanberge, waar di Paradys eenmaal was.

Di Boesmans fergiftig ons water. Gelukkig word di uitslag deur Klaas ontdek en afgeweer. Di boosdoeners gestraf, Umsalomi daarby. Ons kry di grafkelders weer ope en laat di Boesmans gaan.

TWEDE DEEL.

XII. DI WIIG FAN DI MENSDOM.

Elihoref by di oudste Tempel op Mero'e.—En daarna by di Maanberge, waar di Paradys was.—Ontdekkings en Openbarings deur di Hogepriister.—Oue O'erleweringe fan di Paradys in Middel Afrika.

Di follende dag het ons gen ontdekkings in di Grafkelders kon doen ni. Di lug daarin was mar altijd nog 'n bitji bedompig en muf en ons was 'n bitji onrustig nou dit weer 'n ty lji toe was. Daarom het ons eers weer 'n fuur gemaak bij di ingang om di lug te laat deurtrek en suiwer. Henni en Neef Hendrik het di dag gaan wild skiit, want ons flees was al min. Ek het mar fluks deur fertaal, sodat ek fer hulle di aand di follende stuk kon foorlees.

Met 'n brief fan di Hogepriister fan Amen-Ra kom Elihoref en syn geselskap by Mero'e, waar di twe takke fan di rifiir Gihon [Nyl] in makaar kom. Daar op 'n yland staan di tempel deur Enos gebou, di eerste tempel waar di afstammelinge fan Set angebid het en Enos self di eerste priister was. Sonder so 'n briif kry nimand toegang tot di yland en di tempel ni. Mar Elihoref werd deur di priisters frindelik ontfang en hiir het hulle fer hom gewys di oudste gedenkskrifte fan di menshyd, waaruit Moses oek kennis gekry het fan di eerste gebeurtenisse, fan di skepping af. Want toen Moses dertig jaar oud was, as prins an Farao syn hof, werd hy deur di koning gestuur om di tempel te herower fan di Edomite wat dit in besit geneem had.

Uit di gedenkskrifte wat hiir sorgfuldig bewaar worde blyk dat di afstammelinge fan Set na di ferdrywing uit di paradys nog omtrent 300 jare bly woon het naby di paradys en daar by di poort fan di paradys angebid het, war di Gerubim di Skegina fan Jawês heerlikhyd openbaar het, terwyl di afstammelinge fan Ka'in weggetrek het na di land fan Nod in di ooste.

In di tempel, wat fan klip gebou is, staan in 'n ferborge hyligdom di Ferbondskis waarin di gedenkskrifte bewaar is, en op di mure staan geskilder di skip waarop Noag bewaar is in di grote o'erstroming en waarin hy di Ferbondskis met di gedenkskrifte bewaar het.

Met 'n briif fan di Hogepriister fan Mero'e kom Elihoref en Hanes en di héle geselskap an by di Maanberg en deur di briif kryg Elihoref toegang deur 'n

noue bergkloof na di tempel waar di ingang tot di Paradys was en waar di tempel met di 7 priisters nou staan. Mar Hanes en haar gefolg moes 'n hele afstand fandaar bly, want gen oningewyde en feral gen froumens mog daarin kom ni.

Dit is 'n mooie plek waar di tempel staan, an di oostekant fan di Maanb rge, teen di opgaande son. Bo op di berge is di eeuige sneeu, en onder an di foet heers 'n eeuige lente. Net in di noue poort of kloof waar di tempel staan spring 'n stroom heldere water lewend en bruisend onder di rotse uit, en daar is nog di o'erblyfsels fan 'n tempel wat froeger o'er di stroom heen gebou was. Di tempel wat hiir nou is, is in 'n natuurlike grot ingebou langs di stroom.

Alle oggende sodra di son opkom word 'n skaap geoffer. Daartoe hou di priisters 'n grote trop makke skape in di ingesluite bergdal. Di felle fan di offerdire gebruik hulle fer klere, mar hulle eet gen flees ni, net mar wilde frugte, wat hiir by menigte en in ferskye soorte groei. As 'n mens di noue ingang deur is, dan open di kloof sig in 'n wye bergdal, met frugbare bodem, en 'n menigte fontyne en stroompiis water, terwyl di berge rondom soos 'n muur sig ferhef. Hiir groei di ferskillende soorte frugte en hiir loop di skape en an lere dire mak en soek hulle beskerming by di mens teen roofdire. Saans kom hulle almal by di ingang naby di tempel slaap, en bedags kom di makke fogels daar speul en sing.

Al 7 priisters is bejaarde, eerbiidwaardige manne, nasireers, folkome an di diins fan Elohim toegewy, mar feral di Hogepriister is 'n se r oue man, en wat nooit anders spreek as wat tot eer fan Elohim en tot lering strek. Di twede dag nadat Elihoref daar was het een fan di priisters hom deur di bergdal geneem en di hele omtrek laat siin waar eenmaal di paradys was. Mar eers di aand foor syn fertrek, (en hy moes 3 maal 7 dage daar bly foor hy in al di ferborge wetenskappe fan Elohim en fan di mens en fan di natuur ingewy was), het di Hogepriister an hom di follende openbaring gedoen, by di altaarfuur, wat foor di tempel altoos deur brand, langs di bron wat uit di berg daar uitspring :—

Hiir is di twé 2 hoofkragte fan di natuur ;
albij di gewrogte en dinare fan Elohim, [God],
tot syn eer en diins fan di mens.

Sonder fuur en water kan niks léwe ni.
Di fuur het di rotse en metale laat smelt ;
di warmte laat plante en dire léwe.
Di grote fuurbron an di lug stort di aarde lewensgl ed in,
en di aardse fuur fersterk en louter.
Mar daar is hylige en o hylige fuur,
fuur wat laat groei ge en louter,
en fuur w it ferdor en ferteer.
Hiir brand di hylige fuur f n di hemel,
angesteek fan di hemelse fuurbron.
Fanhiir word di hylige fure op alle altare fernuw.
Mar sonder water is di fuur ferdorrend en verderwend ;
daarom moet di twe strydige kragte samewerk.
En di mens s l nog eenmaal di twe trou,
en uit di huwelik sal 'n reus gebore worde,
di sal di grootste kr g op aarde uitoefen.
Ek siin lange rye wagens op ysterpaje,
hulle loop snel o'er di wye aarde,
selfs o'er hiir di grote land, fan end tot end.
Fooran trek di Reus, mensehand hou lysels.
Water kook in syn ingewande ;
fuur en rook borrel by syn keel uit ;
hy sle p hele folke in syn stêrt.
Ek siin di bliksemfuur, di fr selike mag,
wat di wolke kliif en di steenrotse skeur.
Mar di mens beteug l syn geweld,
en bra d dit f r syn naglamp,
en span dit in syn wagens.
Met di kragte gewapen word di afstaande ferslind ;
di mens swerf o'er di waters en fliig deur di lug.
Hiir in di land waar di mens syn wiig gestaan het,
hiir sal syn laaste worstelinge weer wees.
Hiir waar Israël syn goud fer syn tempel gehaal h t
hiir sal hy dit weer kom haal fer 'n nuwe tempel.
Mar eeue en eeue sal eers ferloop.
Di land sal eers ferlate en fergete wees ;
di inwoners sal tot di diipste diipte afdaal,
diipte fan onkun le en onta rding.
En daarna sal di folke weer hiir fergader ;
hulle sal di grote land ferdeel ;
hulle sal di gou l hiir kom grawe ;
hulle sal hiir f g dat bloedstrome loop.
Mar wi s l léwe as dit sal gebeur ?

Ons gebeente sal tot stof fergaan wees,
dan sal hiir weer geslagte en folke woon.
Mar Elohim sal heers eeu uit eeu in,
fan geslagte tot geslagte,
Prys di naam fan Elohim !
Di aarde sal eenmaal fol wees fan syn heerlikhyd.

Toen ek ophou met lees was Henni weer di eerste wat fra : of di land nou nog daar is an of 'n mens dit nog kan gaan kyk ? Ek sê fer hom : "Ja, Stanley was nog foor 7 jaar gelede daar, en hiir het ek di boek waarin hy dit beskrywe, hoe frugbaar dit nou nog daar by di Maanberge is."

Ek had dit juis kort te fore gelees en enige plekke gemerk en op syn anhou sê ek : "Nou wel, ek sal fer julle 'n paar plekkiis lees waaruit ons kan siin dat in di lugstreek en op di plek eenmaal di Paradys kon gewees hê." Ek lees toen uit Stanley syn *Darkest Africa*, Deel II, bl. 294—298, di follende uittreksels :—

"In korte woorde, di noordwestelike en di westelike sye fan Ruwensori (di Maanberge), gesegen met byna dagelikse reens en met altyd frisse dou, geniit 'n eeuige lente en is gekleed in altyddurende jeugdige groen ; di suide en suidwestelike sye het geregelde tye fan reen en droogte, en as 'n mens di dele siin in di droge tyd, dan kan jy jou gen groter teenstelling bedenk ni as di teenstrydige tonéle fan di jeug en di ouderdom fan di natuur."

"Di Semliki Dal (an di foet fan di Maanberge) is soos 'n somerhuis fer omtrent 40 myle...Di bo-end daarfan het 'n grond so ryk en so frugbaar dat dit kan wedywer met di frugbaarste plekke op di wêreld. Di naturelle het dit al lank uitgefinde, want hulle het hiir fersamel in 'n menigte fan klyne stamme om di digte bosse uit te roei en hulle pisangs en bananas hiir te plant. 'n Mens kan skaars 'n myl rys in enige rigting sonder dat jy 'n welige pisangbos ontmoet, fol grote sware trosse. In gen deel fan Afrika is so'n o'erfloed fan foedsel ni, selfs ni in Uganda ni. Tiin sulke komando's soos myne kon hiir hulle hart opgehaal hê in o'erfloed. Di pisangs, as hulle ryp is, is hiir 12 tot 13 duim lank en so dik as di foorarm fan 'n gewone man."

"Tussen Mtarega en Ulegga was ons ferbaas o'er di ontsaggelike streek fan wilde pisang bosse, party waarfan 18 duim dik is in deursny 2 foet bo di grond. Di blare spry sig uit bo by di top soos 'n natuurlike blomruiker, elkeen 2 foet breed en 10 foet lank, met di pragtige trosse pisangs in di middel. Dit lyk of di hoogte fan di wilde pisangbome gen perke het ni"

"Mar hoor dit moet 'n mooi land wees," sê Henni, en hy was oek somar kant en klaar om morge 'n dag di wa in te span en na di plek toe te ry en fer hom daar 'n mooie plaas te gaan neem. "Mar waarom is daar op di plek dan 'n eenige lente en groei di frugte daar somar wild en so gyl ?" fraag hy.

"Wel, Henni, dis moeielik om fer jou alles uit te lê ; mar sofêr as jy dit ferstaan sal ek dit ferklaar. Kyk, di Maanberge lê flak order di sonlyn. Nou moes dit daar baing warm en dor en droog wees. Mar dis net omgekeerd. Dis 'n hoogland. Di Mére selfs an di foet fan di berg is ruim 2,300 foet bo di sé, en dan ferhef di berge sig nog 14,000 of 15,000 foet hoger. Di toppe fan di berge is dan oek altyd deur fol sneeu en bedek met wolke. Dis mar heel selde dat 'n mens di toppe fan di berge kan siin. Na mate 'n mens dus hoger gaan, word dit kouer, en na mate jy lager afkom word dit warmer. So kan jy nou net in di middel 'n plek uitsoek wat di lug altyd gematig en sag is, ni te koud ni en ni te warm ni. En di berg-klowe en bulte is dan oek bewoon en beplant en begroei tot 'n hoogte fan 8000 foet.

"Dan reen dit onder di sonlyn gewoonlik meer, omdat daar 'n sterkere uitdamping fan water is. So reen dit dan oek hiir op plekke amper al dag, sodat di Maanberge so fogtig is fan di altyddurende sneeu en gedurige reens, dat an di hange fan di berg oral fontyne uitbreek en in strome afloop. So word hiir di grote Mére geform : Victoria Niansa, Tanganjika, Albert, Albert Niansa, Ibrahim, ens. wat nog meer fogtighyd an di lug gé. Daarom ontspring uit di hooglaud oek di 4 rifire wat Moses beskrywe, soos ons froeger gesiin het ; en dis di enigste hoogland op di wêreld waaruit sulke 4 rifire ontspring. Hiir is dus 'n landstreek waar jy alle grade fan warmte het na ferkising en alle grade fan fogtigheid of droogte ; en daarom gr ei hiir o k allerhande soorte fan frugte."

"Dis daarom snaaks dat di land later weer so onbekend geworde het,"—merk Neef Hendrik an.

Ek wys hulle toen daarop dat dit ni so erg freemd is ni, as 'n mens denk hoe di mensdom met di Nyl afgesak het na Egipte toe en fandaar ferspry is. Ek gé hulle toen di korte inhoud fan di boek fan Adams, *The Drama of Empire*, waarin hy duidelik antoon hoe hiir di wiig fan di mens lom was en hoe hulle fan hiir ferspry is o'er di aarde na di Sondefloed. Ferder wys ek hulle hoe Stanley, wat nou weer di streek besoek het, in syn boek duidelik antoon uit oue kaarte en gedenkskrifte hoe di bekendhyd met di landstreek langsamerhand ferlore geraak het. Hy begin fan Homerus syn tyd af, en gé dan kaarte fan Hekateus (500 jaar foor Gristus), fan Hippargus (100 jaar f. G.), fan Ptolemeus (150 jaar f. G.), fan Edrisi (1154 na Gristus), fan Margarita Filosofika (1503 jaar n. G.), fan Ruysch (1508 jaar n. G.), fan Silfanus (1511 jaar n. G.), fan Hieronimus de Verrazano (1529), Sebastian Cabot (16de eeu), ens., en di almal het di Maanberge met di mére as di oorspronge fan di Nyl en andere rifire daarop gemerk. Wonderlik juis in en na di 17de eeu toen di westerse wetenskap begin op te kom is di oue aardrykskunde fan Afrika ferlore geraak.

En net so met di oue skrywers. Hy haal 'n menigte

oue skrywers an, feral Egiptise en Arabise, wat ferhaal dat di Paradys hiir was en di 4 rifire hiir in di hoogland ontspring, waarfan di Nyl nog di naa'n fan Gihon het in Etiopiis. Mar dis natuurlik te lank om al di uittreksels te gé Di leser kan self di boeke wat ons angehaal het kry en nalees. Ons gé nog net 'n paar uittreksels wat ons di aand foorgelees het.

Di follen'e beskrywing (Stanley II, bl. 157) kom na o'ereen met di fan Elihoref as di plek waar di paradys was :—

"In 'n kom, ingesluit deur ruwe rotse, het ek 'n gelyke bergflakte gesiin fan anderhalwe myl lank en 'n myl breed en grasgroen soos 'n werf (tennis lawn). Rondom an di foet fan di flakte loop 'n heldere stroompi water, deur 'n digte ry bome, di toppe waarfan net gelyk kom met di bergflakte. Dis di mooiste plek ver 'n blanke koloni wat ek in lange tyd gesiin het. Di hoogte was 5,500 foet bo di sé. Fan di top fan di rotse wat dit omsingel is 'n pragtige uitsig o'er 3 000 fiirkante myle fan een fan di pragtigste lande op di wêreld. Pisga, 60 myle in di weste, beheers al di heuwels en rante in di rigting fan di grote houtbosse ; Ruwensori (di toppe fan di Maanberge), 18,000 tot 19,000 foet hoog, wit fan di eeuige sneeu, 80 myle ferwyder, sluit di gesig af ten suide ; an di ooste het 'n mens 'n ferre uitsig o'er di land fan Unjoro ; en noordoos leg di lengte fan di meer Albert Niansa."

Wat Stanley gefoel het toen hy daar-di belangrike landstreek besoek het, beskrywe hy ons aldus (bladsy 246):—

"Helaas ! Helaas ! Met di groots e bergketen binnen 'n klipgoi fan ons kamp af—nog ni eens op myn kaart afgemerk ni ;—met di andere meer waarfan ons Muma Kaptyn, Kaibaga, fer ons so baing fertel het, nog ni ontdek ni ;—di Semliki flakte, met syn skatte fan houtbosse en ryke foortbrengsels nog ni ondersoek ni ; en di Semliki-rifiir, wat di bo'enste met di onderste meer ferbinde nog ni nagespoor ni. Om te hoor fan wonderbare sout-mére wat di hele wêreld kan fersiin fan sout ; fan di reusagtige Wasongora en 'n menigte frindelike stamme ; fan di gehymsinnige Wanjafingi, wat geseg word afstammelinge te wees fan witte mense ; in di nabyhyd te wees fan di reusagtige berge met besneeude toppe, wat ek geloof di ferlore Maanberge te wees, in 'n land te wees wat kan spog dat dit di fabelagtige fontyne fan di maan besit, 'n werkelike land fan ferwondering en gehymsinnighyd, 'n land fan dwerge en reuse fan ouds fermaard, en dan ni 'n blye wens te gefoel om na di waarhyd fan al di gesegdes ondersoek te doen ni ! Hy, di Maker, wat di eeuige berge laat ferrys het en di hange bekleed het met groene mos, en frugte en kruie, en hulle ferdeel het met tiinduisende fan waterstrome waarin di gesmelte sneeu afloop in di frugbare flaktes, en di magtige houtbosse dit laat beklé, in onbegrensde ruimte en met skitterende prag — het gewisselik bedoel dat dit moet bewaar bly tot di folhyd fan di tyd fer iits hogers as net 'n broeikas fer fogels en 'n woonplek fer kruipende dire.

"Di o'erfloed fan foedsel in di streek was een fan di fernaamste bisonderhede daarfan. Tiin kommandos het hiir gen behoefte an profisi ni. Ons kon mar pluk en eet. Ons spioene breng rapporte dat an alle kante bosse lê fan frugbome, swaar belaai met di heerlikste frugte. Di graanskure fan di naturelle is fol rooi Kafferkoorn, hulle struise fol miliis ; in di naburige tuin is jams (eetbare wortels), patats, tabak, ens."

Pas had ek dit gelees of Henni sê : "Né, né na di land toe moet o s ga n ! Wat bly ons langer hiir by di dooi mense ?"

"Ja, daar sal ons eers o'er slaap, Henni" — antwoord Neef Gideon.

Neef Gertji en Nig Aaltji

OF

DIS SWAAR OM JALOERS TE WEES.

Wat is di wêreld nou tog boos !
Daar was 'n man, hy's sonder troos.
Ek fat di ding eers fan begin,
En stuur hom so di wêreld in.

Di man wat ek jul' nou foorstel
Was rooi fan haar en bont fan fel ;
Syn ogiis kyk te danig kwaai,
Dit lyk altyd na groot lawaai.

Hy had 'n danig sleg humeur,
Syn frou had dit al lank betreur ;
En sy moes soms dit swaar betaal ;
Want Gertji had 'n nare kwaal.

Nig Aaltji was 'n mooie frou
Toen sy met Gertji het getrou.
Sy's bruin fan kleur en swart fan oog,
Haar skouers staan oek met 'n boog.

Neef Gertji was toen nog gesond,
En so gaan hul' di wêreld rond.
Mar toen het Gertji mos gekry
Jaloershyd waar hy erg an ly.

Hul' had di botji skaars beklim
Of hulle léwe was gegrim ;
Neef Gertji slaan haar poedel kaal
En skré mar net : "Jou slegte Aal !"

En by syn ma kon hy ni blyf,
Want daar kon hy met Aal ni kyf;
Toen gaan hul' weg na 'n ander plaas,
Daar het neef Gertji groot geblaas.

Daar het neef Gert syn arme frou
Tot fyf maal op 'n dag getou.
Mar daar kon hul' ni lang fan leef,
Hul' krag begin hul' te begeef.

Hul' honger word hul' toen tot las.
"Ag wé," sê Gert, "ons moet ferkas;
Dan trek ons liwers trug na ma,
Daar sal ek my mar soet gedra."

Mar "feel belowe, wynig geef,
Doen di gekke in freugde leef."
Neef Gertji was dan skaars oek daar,
Of Aal word dit alweer gewaar.

Neef Gert moes toen gaan geld ferdiin
Om fer syn Aaltji te foorsiin
Met rokke, koffi, flys en brood;
Want by syn ma was di guns dood.

Neef Gert het na di lyn gewaai,
Om daar di drade fas te draai;
Mar Aaltji kon ni agter bly,
Want sy sal dalk kan fryers kry.

Mar ag, dit was fer Gert te swaar
Toen hy hiir ander mans gewaar;
Oek hiir moes arme Aaltji sug
Met dri pak slage op haar rug.

Neef Gertji, Aaltji, en syn ma
Hul' het toen saam 'n rys gewâ,
Daar onder na Korneelsrifiir.
Ag! hiir had Aal haar weer gepiir!

Sy het glo net 'n frind gegroet,
En daarfoor moes sy swaar weer boet;
Hy slaan fer Aaltji, waarmé? Raai?
Met 'n Kweperstok net omgedraai!

Syn ma di kom as midlateur,
Mar dit het sy oek froeg betreur;
Hy slaan en skop haar in haar sy,
Dat sy glo nou nog daaran ly.

Hul' kom di aand toen op 'n plaas,
Oek daar was net 'n groot geraas;
Want Gert hy sê: "'k Wil hiir ni bly,
Hul' sal weer dalk na Aaltji fry."

"Kom Aal, myn frou, ons stap mar aan,
Laat ma en pêrde hiir mar staan.
Di rant is ons net nou mar uit,
Di lat sal ek ni weer laat fluit."

Mar skaars was hul' half teen di rant,
Of Gert gryp Aaltji an di hand,
"Kom rakker nou sal ek jou slaat;
Wat het jy weer met *Bill* gepraat?"

Syn ma en Bill hoor Aaltji skré,
Bill sê: "Kom, Tom, gaan met my mé."
Hul' kom oek spoedig daar toen aan,
En siin hoe Gert fer Aaltji slaan.

Bill sê "foei Gert: Wat maak jy weer?"
Gert sê: "Loop heen, of 'k sal jou leer."
"Wat het ek hiir so hard hoor gaan,
Net of jy weer fer Aaltji slaan?"

Toen antwoord Gert: "Dit raak jou niet!
Gaan weg fan hiir, of 'k sal jou skiit.
Wat traak dit jou met 'n ander frou.
Of het jy weer met haar kom brou?"

Hul' was toen skaars een dag mar tuis,
Of Gert begin met syn gedruis;
Hy sê fer Aal: "Waar is myn lat
Wat jy gistraant hiir het gefat?"

"Ek weet ni, Gert, ek sal hom soek;
Hy is mar seker in 'n hoek.
Laat my nou slaap en rustig bly,
Want morre sal jy hom tog kry."

Mar Gert hy soek mar net 'n kans
Om weer fer Aaltji af te rans,
En sê: "Jou luie bees, staan op,
Of ek sal jou di bed uit skop."

Aal staan toen op, loop uit di huis
So stil-stil as 'n kleine muis.
Gert denk sy het di lat gaan soek,
Mar Aal kruip in di krans syn hoek.

Gert merk toen onraad, Aal is weg,
En denk: "Wat het ek haar geseg?
Dalk het sy deur di draad gekruip,
Of in di spruit haar gaan fersuip."

Gert raak toen net geheel op hol;
Syn ma di denk nou hy word dol,
En laat toen fer neef Stoffel haal
Om tog te kom help soek fer Aal.

Gert hardloop na syn ma haar huis,
En sê: "Ma, dis met Aal ni pluis."
Hy was nou so diip in di nood
En sê: "Ek skiit my liwers dood."

Gert loop toen na neef Koos syn huis
Met 'n freeslik groot gedruis;
Di mysiis bang en in di nood
Trap hul' neef *Fransi* byna dood.

Gert skrik toen oek en spring weer om,
Fan angs was hy al byna stom;
Hy huil: "Myn skattji, waar is jy?
Ontferm jou tog mar weer o'er my."

Nig Aaltji het toen opgestaan
En stil'tjiis in di huis gegaan;
Sy denk toen: "A, jou domme aap!
Ek sal nou tog weer lekker slaap."

Neef Gertji kom toen weer terug,
En sê toen met 'n dipe sug :
" Myn hartji, skattji, waar was jy ?
Waarom het jy my so gekry."

Gert denk : dit is met my ni klaar,
By Koos syn huis is nog gefaar ;
Ek het di mysiis daar laat skrik,
En nou kom ek straks in di strik.

So was dit oek gewis en waar,
Di ander dag was neef Koos daar,
En sê : "as jy jou frou wil moor,
Dan laat jy myn huis ongestoor."

Gert sê ; "jy liig, ek was ni daar ;
Dis alles leugens en onwaar."
Hy slaan neef Koos hard met di fuis,
Spring om en loop tot by syn huis.

Neef Koos loop agter Gertji aan,
En wil hom agter di kop slaan ;
Mar kyk neef Koos is weer gefop,
En Gertji kry mar net 'n skop.

Neef Gertji fal, mar spring weer trug,
En het toen na di huis geflug.
Hy gryp toen gou di kouter op,
En sê : " jy moet fer jou pas op ! "

Neef Koos moes di ding so laat hang,
Want fer di kouter was hy bang ;
En het toen mar na huis gery,
Om Gertji eendag weer te kry.

Nou, frinde, wees tog nooit jaloers,
Want Gertji was geheel uit koers ;
En so kan dit met jul' oek gaan,
Jul' moet di ding tog mar laat staan.

F. J.

Di Afguns Buiwel.

NET soos ek gedenk het, al di damme is fol, mar myne is nog ni eens half ni. Gert syn dam het al fan gister aand uitgeloop, en ek sal weer ni genoeg hê ni om myn gesaaide groot te maak ni. Ek weet ni waarom di ongeluk altyd o'er myn is ni, en waarom 'n ander altyd meer moet kry dan ek ni. As daar 'n ha'el storm is, dan kan ek mar reken di kom o'er myn land ; mar as daar 'n goeie re'enbui kom, di trek net langs di landmuur ferby. Sprinkhane, al is daar mar net één swerm, di swerm freet myn koorn op. Myn folk is altyd di slegste. Ek sukkel meer as enig ander mens ; en as ek klaag, dan word ek uitgelag, of hulle feroordeel fer mij. Ander mense het seuns om fer hulle te werk. Ek het net 'n dogter, wat so waar nergens foor goed is, as klafiir speul. Myn frou kan ook fer my ni ferstaan ni. Al gaan di laaste ding fan myn goed dood, dan sal sy nog sê : klaag mar ni, ons het rede om dankbaar te wees. Ja, dankbaar wees ! so spreek meneer oek. Hy kan oek makkelik dankbaar wees. As ek oek £400 per jaar kan ferdiin met Sondags 'n bitji te praat, sal ek oek dankbaar wees ; en dan kry hy nog 'n huis en tuin, om fan di persente ni te praat ni. Dankbaar, ja ! as hy so hard sou moet werk fan di morre tot di aand, en dan nog skaars het om fan te leef, dan sou hy ni so feel o'er dankbaarheid te sê hê as nou. "

" Ek weet ni waarom di ongeluk party mense altyd so agterna loop ni. Dit is nou al fan dat ek 'n kind was. Kyk nou fer Gert. Arm het hy begin, en waar is hy nou ? Hy het 'n plaas, so goed as wese kan en nog 'n hele party fé. Ek is met 'n plaas begin fan myn fader, en ek het met di grootste gesukkel 'n lappi grond by gekry. Ek moes baing meer hê, na reg, want hy het 'n grote huisgesin, en ek ni ; mar so loop di ongeluk altyd agter my an. Ek is oek ei'entlik te opreg fer di wereld. As jy onderduims kan wees en 'n frindelike gesig kan set, al meen jy daar niks fan ni, dan hou di mense fan jou en het fer jou liif ; dan kom jy in posisiis wat betaal ; mar as jy di mense ni na di mond kan praat ni, dan kan jy agteraf staan. Kyk fer Willem, hoe makkelik is hy Parlementslid geworde, en nou kry hy ponde op ponde. Hy is al skatryk, en tog is ek baing slimmer as hy ; mar hy kan flikflooi en ek ni. In di kerk gaan dit net so. Di domste fan di gemeente word tot ouderlings en diakens gekiis, mar persone soos ek moet agterbly. Ek is al o'er di fyftig en het net mar 'n paar keer een of twé stemme gehad fer diaken. Di mense wil fer my ni hê ni. Hulle sê : Ek is te brommerig, te afgunstig ; pure leu'ens. 'n Paar mense is op my afgunstig en hulle strooi di storiis rond. Hoe sal dit nou weer gaan met di ferkising fer Afdelingsraad ? Gert sal seker weer staan en hy denk hy is al in ; mar dit sal di slag ni so gemakkelik gaan ni ; ek sal oek perbeer, en as ek mar net wil, ek kan krag uithaal. Di bog ! Ek weet hy kan my ni ferdra ni. Hy is te afgunstig, en hoe maak hy ? As hy by my kom, dan lyk hy altyd ewe frindelik. Dis neef Hermanus foor en neef Hermanus na. Hoe gaan dit met neef syn gesondhyd ? plaag neef syn hart hom nog so baing ? Hoe gaan dit met neef syn skape ? Hoefeel het neef fanjaar gewen ? Het neef 'n goeie prys gekry fer neef syn wol ? So gaan hy an en hy meen daar niks fan ni. Hy moet ni denk ek is 'n kind ni. Ek het hom al lank deurgekyk. Hy wil fer my dood hê, en dan denk hy, kan di lange niksnut, syn seun Willem, met myn Fya trou en kan al myn goed kry. Grita sal so mar afgé. Sy is niks

wêrd ni. Sy denk al di mense is goed. Mar ek sal fer hulle anders wys! Ek fermaak liwers myn geld an di kerk. An di kerk! mar dan leef meneer weer lekker daarfan. Di testament maak is 'n lastige werk. Jy weet nooit hoe jy moet maak ni. 'n Ander kry tog mar jou goed. Nou laat 'n ander dit dan mar kry, Willem sal dit ni hê ni. Fya kry hy ni. Ek laat haar liwers met 'n Engelsman trou, en as sy ni wil luister ni dan maak ek haar 'n baster en sy kry niks. Mar dan, wat maak ek daarmé? Gé ek alles an Grita, dan gaan sy ferfas weer trou, en 'n ander leef lekker fan myn sweet en bloed. Mar ek kwel my ferniit; ek sal ni so gou doodgaan ni. Myn hart plaag wel fer my, mar ek sal mar di "Pink Pils" gebruik, di sal my reg help, sê Grita. As ek mar ni so ongelukkig was ni, al di medisyne help fer andere, mar ni fer my ni."

Di man wat daar op di klip op di koppi so sit te brom en te sug en fer hom self te kwel soos ons nou afgeluister het, is oom Hermanus, fan Welgegund. In di ganse distrik is hy bekend fer di brommigste en afgunstigste mens, wat daar te finde is. Jy kan dit hom oek ansiin. Di afguns duiwel woon in syn hart, en di Boek sê: "Nyd is eene verrotting der beenderen." Afguns freet 'n mens op.

Oom Hermanus het ni nodig gehad om hom so te kwel ni. Hy was eerder ryk as arm te noem. Hy had twé plase sonder skuld, baing fé; 'n goeie frou, en 'n knappe, mooie gesonde dogter, Fya. Ongelukkig het hy toen hy jonk was di afgunsduiwel by hom laat inkom, en di was by hom bly woon; en nou was alles ferkeerd en syn lewe was bitter. Di afgunsduiwel is mar 'n klyne duiwel, mar as jy hom kos gé, dan groei hy net gou, en hy is net nou baas en jy kneg, en al betaling wat hy fer jou gé is net mar ellende.

Hy hou nou fer Oom Hermanus geselskap op di koppi, waar di ou sit en na syn dam en syn feld kyk. Alles lyk ewe mooi. Onse liwe Heer het in di nag di wolke gebiid om hulle sware las af te laai, sonder 'n stuk swaar weer of ha'el. Di hele nag het dit deurgere'en. Alles was ewe plesirig. Di kalwers speul by di kraal en di feulens hol rond, stêrt in di lug. Di damme loop uit en di wat ni uitloop ni was fol. Oom Hermanus syn dam was oek fol; mar di afgunsduiwel laat hom ferkeerd kyk. Dit is di maniir fan di duiwel. Ek ken fer hom.

So lanksamerhand het di mense fer oom Hermanus begin pad te gé, want di afgunsduiwel hou ni fan geselskap ni. Dit was glad ni na di sin fan Fya, syn dogter ni. Sy was pas agtiin jaar en het ni lus om alleen te bly ni. Fandaar dat sy as Willem fan Neef Gert kom om te fra of daar ni misskiin freemde goed onder hulle beeste of skape was ni, meesal in di foorhuis was en Gert syn pêrd net lank onder di saal moes staan, eer di twé uitgesels het. Hulle was oek famili. Hulle faders was mos ei'e neefs, sodat hulle klyn neef en niggi was, en Willem het oek al gou uitgefinde, dat hy ni fan fêr moes groet ni.

Dit was 'n bitji snaaks, dat di meeste male as Willem kom, oom Hermanus ni thuis was ni; hy sê hy is jammer mar di gefal is mar so.

Tante Grita, di frou fan Hermanus, het eers baing moeite gemaak m di afgunsduiwel weg te jaag, mar het dit al lank opgegé, en hou haar nou mar met haar ei'e boerdery besig, kyk na haar hoenders en kook seep. Sy kyk oek na Fya.

Tante Grita het al lank gesiin dat Willem wel wat dikwils ferlore goed kom soek; dog het mar oge toegemaak. Sy hou fan Willem en as sy an haar man denk, sê sy mar: alles sal reg kom.

Oom Hermanus sit nog mar altyd op di koppi, mar op eens hoor hy perde ankom. Hy kyk op en syn nukkerighyd word ni beter ni, toen hy siin dat twé ruiters ankom en dat dit Gert en syn seun is. Toen di twé hom siin, hou hulle stil, klim fan hulle perde af en maak di onder an 'n boom fas en klim di koppi uit na hom toe. Of oom Hermanus wil of ni, hy moes nou opstaan om hulle te groet.

"Hoor, neef! sê Gert, wat het dit mooi gereen. Di feld is deur en deur nat. Ek het fannag gedenk dat mijn dam sou breek; mar hy het gelukkig gehou. Ek siin oom syn dam is oek fol."

"Hum!" sê oom Hermanus. "Noem jy dit fol? Hy is fêr fan fol. Ek is ni fan di gelukkige mense ni. Kan jy dan ni siin ni dat hy glad ni fol is ni?"

"Hy lyk tog hiirfandaan fol," sê Gert.

"Ja hiirfandaan, mar ek sê jou hy is half leeg."

Gert siin dat oom weer nukkerig is, en bly stil.

"Waar ry julle heen?" fra oom Hermanus, na enige o'enblikke. "Wat het julle bisonders te doen?"

"Ons ry om di stukki Gouwerments grond te kyk, wat tussen oom syn plaas en Wolfekuil lê. O'er feertiin da'e sal dit opgefyl worde en as dit goedkoop gaan wil ek dit koop. Ek wil dit fer Willem koop. Di stukki is net groot genoeg fer 'n jong beginner. Ek is bang dat hy dit ni sal kry ni. Ek denk daar is baing kopers en hulle sal dit seker opja. Party mense is oek so afgunstig."

Toen Gert di woord het laat ontfal het hy jammer. Hy kon an Oom syn gesig siin, dat hy dit fer hom antrek.

"So," sê Oom Hermanus, "afgunstig! mar party mense wil oek alles fer hulle self hê, en gun 'n ander niks ni. Fer myn part kan jy di grond mar koop. Ek wil hom ni hê ni."

"Ek is daar bly om," sê Gert, "want di mense

het gepraat dat neef di grond wou hê, omdat dit so gele'e lê an neef syn plaas. Nou as neef dit wil hê, sal ek ni biid ni, want neef is swaarder as ek, en dit is ferniit dat ons makaar opja. Daarom is ek met neef kom praat. Ek reken ons is ei'e famili en dit is ferniit om makaar skade an te doen."

Oom Hemanus gé ni antwoord ni. "Daar is mos nog meer grond, wat opgefyl sal worde," sê hy yndelik.

"Ja, dit weet ek, mar di andere stukke is ni so goed ni, neef!"

"Mar di grond is net mooi by myn plaas" antwoord Hermanus.

"Ja, ek weet," "sê Gert, en daarom wil ek mar weet, of neef wil koop of ni."

Hermanus het ygentlik glad ni lus om te koop ni mar toen hy hoor dat Gert wil koop, kon hy di gedagte ni ferdraag ni, dat Gert di grond goedkoop sou kry, en daarom sê hy: "Ek wil di grond ni hê ni, net as hy baing goedkoop gaan misskiin."

"Goed," sê Gert, "nou weet ek wel wat ek moet doen. Ons sal makaar wel later siin. Neef sal tog seker by di byeenkoms wees om o'er di afdelings raads lede te stem. Di meeste wyke het al kandidate gestel, mar ons wyk nog ni. Op di laaste bondsfergadering het hulle my gefraag om te staan mar ek het ni antwoord gegé ni. O'ermorre is daar bijeenkoms by neef Cornelis, dan sal ek sê wat ek sal doen.

"Ek hou niks fan fergaderings ni, hulle neem mar net tyd weg. Dit kan my oek mar min skeel wi of inkom. Wi is nog meer kandidate?"

"Party praat fan neef, as jy wil staan, en party fan oom Cornelis. Ek denk dit sal goed wees as neef staan, dan sal ek terugtrek, want ek het ni lus om te staan ni, mar oom Cornelis wil ek ni hê ni. Hy is te feul fer di brandsiik wet."—Sê Gert.

"Waarom wil jy dan ni staan ni?" sê Hermanus, ongelowig.

"Weet neef dan ni, dat ek fer ouderling gekiis is ni en ek denk om an te neem. Di twé dinge gaan mar moeilik same, en ek het meer lus om ouderling te wees."

"So, het hulle fer jou ouderling gemaak?" sê Hermanus met 'n nukkerige gesig. "Ek het daar niks fan gehoor ni. Dit lyk of jy 'n grote man word; twé poste te gelyk."

"Kyk," sê Gert, "as neef nou wil staan, sal ek fer jou werk."

"Ek soek ni possiis ni," sê Hermanus, "as hulle my wil hê, moet hulle my fra."

"Wel, ons sal siin," antwoord Gert, wat foel dat hy nukkerig word. "Ek sal mar ry. Dag neef."

"Ek denk pa het fer pa gepiir," sê Willem, toen hulle opgeklim was en fortry. "Oom Hermanus sal nou seker di grond opja."

"Hy sou dit tog gedoen hê, Willem. Al wat ons kan doen is om fer hom te werk, dat hy afdelingsraadslid word. Hy wil dit graag wees, en as hy siin dat ons hom ondersteun, sal hy ons miskiin ni opdruk ni."

"Hy kom tog nooit in ni, Pa! Di mense wil hom ni hê ni."

"'n Mens kan ni weet ni," sê Gert "Jy weet di mense hou fan 'n man wat suinig is fer Afdelingsraad. Anders is di belasting te groot. Ons moet mar perbeer."

"So, ouderling en Afdelingsraad en ek niks ni," brom oom Hermanus toen hy fan di koppi afklim, om na syn huis te gaan, "en dan moet ek nog glo, dat hy fer my sal werk! So dom is ek ni. Hy denk regte slim te wees, en my stil te maak, sodat ek hom ni sal opdruk ni! mar ek is ni so dom ni. Hy sal di grond tog ni kry ni, of hy sal daarfoor moet betaal, dat hy bankrot gaan. Ja, as hy mar bankrot gaan, dan sou ek lag; dan sou hy siin dat ek baas is.

"Di lange seun fan hom het al di tyd my staan ankyk of hy gek was; mar tog sal hulle hulle sin ni kry ni. Ek sal wel 'n plan kry."

"Wi was daar by jou op di koppi?" sê tante Grita toen Hermanus inkom.

"Dit was myn liwe neef Gert met syn lange seun. Hulle kon ni ferby ry ni sonder eers my te fererg en te spog. Hy moes eers fertel dat hy ouderling sou worde, en dat di mense hom fer afdelings raad wil hê."

"Mar ek het gehoor dat hy ni wil staan ni," sê Fya.

"So? het jy dit gehoor" sê haar fader, "en mag ek frage fan wi?"

Fya word rooi tot agter haar ore, mar gé ni antwoord ni.

"Nou ek sê fer jou eens fer al," sê haar fader, "dat ek folstrek ni wil hê, dat jy enige omgang het met Gert of syn seuns ni. Hulle is net fer my 'n anstoot. Omdat hulle so feul gelukkiger is as ek, en hulle met hulle gefynsdhyd di mense kan omhaal, ferbeel hulle dat hulle kan maak wat hulle wil. Ek sê fer jou, dat Gert net angekom het om te fertel, dat hy ouderling geworde is. Dat hy ni sal staan fer afdelings raad, glo ek ni. Hy wil my mar net koud ly."

"Gert was nooit 'n leu'enaar, ni" sê tante "So gaat dit," brom Hermanus, "andere mense

hulle frouens neem altyd di party fan hulle mans op, mar myn frou en myn kind is altyd téen my. Ek het altyd ongelyk. Is dit waar of ni, dat Gert altyd foorgetrek word? Is dit waar of ni, dat hy di huis op di dorp gekoop het wat jy wou he? Is dit waar of ni, dat syn frou di plek in di bank gekry het, wat jy uitgekiis het? Is dit waar of ni, dat."————Mar toen sit tante Grita af, na di kombuis en Fya gaan in di kamer, so dat Hermanus mar alleen moes brom.

Hoe lank di ou kêrel so sou gebrom hê, weet ek ni; mar tot ou tante haar geluk begin 'n kwartiirtji later di hond te blaf, en hou 'n bokki foor di deur stil.

Oom Hermanus moes toen wel uitgaan om di mense in te nooi. Daar was egter mar één man en 'n jong in di bokki. "Di jong kan mar uitspan," sê di man; "laat ons mar ingaan."

Di nuwe ankomeling was 'n man fan omtrent feertig jare oud, en met name Greiffenhagen. Daar di naam fer di boere te lank was en hulle dit ni kon uitspreek ni het hulle as na gewoonte hom di andere naam gegé, en di laaste mens het fer hom Greefhag genoem. Fan wat nasi hy was kon nimand sê ni, misskiin wis hy dit self ni. 'N Engelsman was hy ni, 'n Hollander oek ni; so moes hy mar 'n Duitser wees, en as Duitser was hy oek bekend op di dorp. Hy was so 'n soort fan agent; allerlei klyne werkiis word deur hom gedoen; jy kon oek altyd 'n bitji geld by hom kry, en baing mense find hom regtig handig.

Ek kan ni sê ni dat di mister Greefhag nog heeltemal fertrouw werd ni, mar daar hy nog nooit 'n mens so onderdeur gespring het dat di saak op di kantoor moes kom ni gaan di mense nog al na hom toe, en oom Hermanus het hom nog al gebruik.

Op di o'enblik was mister Greefhag meer as gewoonlik frindelik. Og hy het fan di plan gehou, dat party mense Oom Hermanus as afdeelingsraads lid wil hê, en daar hy self 'n oog het op di pos fan sekretaris; het hy hom foorgeneem om met al di kandidate frinde te maak, en op di maniir later 'n kans te kry. Dit was fer hom ni so moeilik ni. Hy was 'n man fan beginsel en syn beginsel was dat mister Greefhag en syn foordeel bowe alles gaan, en dat alles wat fer mister Greefhag skade kon andoen ferkeerd is. Di beginsel is glad ni freemd ni.

Anders siin mister Greefhag daar ni so sleg uit ni. Hy was goed gekleed; kon goed praat, en het slag om met di mense om te gaan.

Na di gewone praatjiis o'er di weer, di re'en, di skape, ens. kom di gesprek so lanksamerhand op di ferkising fer Afdelingsraadslid, en fraag mister Greefhag an Oom Hermanus of hij kandidaat wil wees.

"Dit sal my niks help ni," sê Hermanus, "Gert is oek gefraag, en hy sal di mense wel omhaal om fer hom te stem."

"Mar Gert het fer my gesê, hy sal ni staan ni," antwoord mister Greefhag.

"Glo jy dat?" sê Oom Hermanus," ek moet nog eers siin wat hy sal doen. Het jy oek gehoor dat hy op di fendusi fan di Gouwerments gronde wil koop?"

"Ek weet fan di fendusi," sê mister Greefhag, "mar hy het my ni feel fertel ni. Daar is twe stukke, wat hy wil hê dit het ek wel uitgefinde. As hy di een ni kry ni, wil hy di ander koop; mar ek denk, hy sal syn sin wel kry; want di mense sal hom ni opja ni. Di lap grond by Wolwekuil is oek ni feel wêrd ni, ten minste, so sê hy."

"Moe ni glo ni," bars Oom Hermanus uit. "Dit is ekstra goeie grond, hy maak net di mense affallig om te koop, en as hy di grond eers goedkoop het, dan lag hy julle uit. Ek ken fer hom."

"Wil oom dan koop? fraag mister Greefhag.

"Dit kan ek nou ni sê ni," was di antwoord; "mar ek sou tog ni wil hê, dat Gert di grond goedkoop kry ni. Wat is di opset prys."

"Di opsetprys is mar laag. Ses shilling di morge. Di grond is ten minste 10 shillings werd ni waar ni?"

"Tien shillings?" antwoord oom Hermanus, "'n pond, of nog meer. As Gert di grond wil hê, dan sal hy ten minste 'n pond moet betaal.

"Dit sal hy nooit doen ni;" sê mister Greefhag!—"dan laat hy dit liewers staan, of hy koop di stukki grond te'en di berg."

"Dit kan my niks skeel ni," sê oom Hermanus, "mar ek sê, di grond by Wolwekuil sal hy ni hê onder een pond di morge ni."

"Mar hoe sal oom dit dan belet?" vraag mister Greefhag.

Ja, dit was di saak; dit wis oom Hermanus self ni. Self wou hy ni koop ni, en 'n ander daar an te sit is ni gemakkelik ni.

"Kom laat ons 'n bitji kraal toe gaan," sê hy want hy begin bang te worde dat tante Grita en Fya hom sou hoor, en hy wou liewers met mister Greefhag alleen wees om planne te maak.

In di kraal staan net di trop pêrde, na 'n bitji o'er di pêrde gesels te hê, begin Oom Hermanus

weer. "Is daar dan ni andere mense, wat di grond wil koop ni?"

Daar was baing, want daar was 'n gerug dat daar steenkool op di plek was, mar di mense het gaan kyk, en daar is niks gefinde ni.

"Kyk," sê oom Hermanus, na 'n rukki stilte, "jy sal wel denk dat dit snaaks is, dat ek so daar o'er praat, dat Gert di grond goedkoop sal kry en jy sal denk dat ek afgunstig is, mar as jy wil luister, sal ek dit uitlê."

Mister Greefhag het gen uitleg nodig gehad ni. Hy had di klyne duiwel, wat in Hermanus was al lank gesiin mar tog gaan hy bedaard op di kraal muur sit, steek syn pyp op en was wel wat nuwsgirig om te hoor hoe di ou'e di ding nou sou ferklaar.

"Jy weet, mister Greefhag, party mense sê dat ek 'n afgunstige mens is, en ni kan ferdra dat andere meer het as ek ni. Dit is glad ni so ni. Baing keer is ek ongelukkig as andere gelukkig is, en kan ek ni so feul slenters gebruik as andere ni; mar afgunstig is ek glad ni. Dat ek nou ni wil hê, dat Gert di grond so goedkoop kry, is ni fan afguns ni, mar juis andersom. Ek is ten foordéle fan di distrik. As party grond goedkoop ferkoop word, dan kry di distrik 'n slegte naam, en di waarde fan al di plase word minder. Jy weet self wat 'n moeite dit afgegé het toen 'n paar jare gelede di waarde fan di plase, deur di distriksraad so laag was, en hoe baing mense moeite gehad het met di ferbandhou'ers an di Kaap. As nou di Gouwerments gronde so goedkoop gaan; dan kan jy self begryp, dat di distrik daar onder ly, en dit is bes mogelik dat di verbandhou'ers an di Kaap bang sal worde, en di mense hiir in moeilikhyd breng. Ons moet perbeer om di prys fan grond op te hou, en ni te laat fal ni. Di plek is ek goed bekend, en ek is self fan gedagte dat daar steenkool is. As ek net di geld het, dan sou ek koop; mar ek is te oud om schuld te maak. Nou het jy myn gefoele gehoor en jy sal moet toestem dat ek gelyk het."

Mister Greefhag knik met syn kop toestemmend; mar wis self goed genoeg wat di wesentlike rede was. Hy het oom Hermanus te goed geken.

"Wel, ek moet sê," sê hy, terwyl hy fan di kraal muur afklim, "ek moet sê, jy het di ding goed ingesiin, en dit sal goed wees as di grond opgeja word, mar wi sal dit doen?"

"Kan jy dit ni doen ni?" fraag oom Hermanus.

"Né, dit doen ek ni," sê mister Greefhag.

"Ek wil met Gert gen stroebeling hê ni. Hy word tog miskiin Afdelingsraadslid en jy weet dat mister Parends, wat nou sekretaris is, bedank het en dat 'n ander moet gekiis worde. Dit sal my ni betaal ni om so mar fer niit mense op my kwaad te maak ni. Mar jy kan dit mos opja, tot 'n goeie prys, en dan uitsky. Daar is nog andere mense wat wil koop. Daar is 'n man fan di boland wat oek ondersoek na di grond gedoen het. Hy was by my, mar ek kon daar niks fan sê ni. Wat ek kan doen is, om as di man weer kom, hom na jou toe te stuur, en dan kan jy hom o'er di grond alles fertel. Misskiin stel di man my as agent an, en dan is di saak gewen."

"Ek sal elkeen wat fer my fra," sê oom Hermanus. "myn gefoele wel sê; ek wil nimand fas laat loop ni, mar goeie grond onder di prys te laat gaan ten nadeele fan di distrik sal ek ni. In elk gefal kan jy daarop reken, dat as ek misskiin Afdelingsraad word, of oom Cornelis wat 'n goeie frind fan my is, dat ek myn bes sal doen om fer jou sekretaris te maak."

"Jy het oek ni nodig om di grond te prys ni, mar as di mense misskiin daar na fraag, dan kan jy mos wel sê, dat jy gehoor het, dat di grond goed is, en dat di mense na steenkool het gesoek. Wel het di mense gesê hulle het ni gefinde ni; mar of dit waar is, weet jy ni. Misskiin het di mense mar so gepraat om andere kopers af te hou."

"Wel, oom Hermanus," fal Mister Greefhag laggende in, "jy is waarlik net so slim as 'n agent, jy kan 'n ding somar reg praat. Wel, ek sal jou ni in di weg staan ni; as mense met my praat, sal ek hulle na jou toe stuur. So sal di saak reg kom."

Oom Hermanus het di anmerking fan Mister Greefhag juis ni gefal ni, hy blyf 'n paar o'enblikke stil en sê toen: "Dit is ni slimmighyd fan my, mar di pure waarhyd. As jy dink, dat ek liig, sê dan mar."

"Né, moe ni kwaad worde ni, Oom! ek sal alles reg maak, laat ons mar huis toe gaan."

Toen hulle in di huis kom was Fya in di foorhuis. Half angstig, half nuwsgirig, siin sy nou haar pa en nou mister Greefhag an. Sy merk wel dat daar iits gaande is, wat sy ni kon uitfinde ni; en sy neem haar foor om te weet wat dit is. Dit was ni net nuwsgirighyd ni; mar sy foel an haar hart dat Willem daar by te pas kom.

"Ek sal wel uitfinde wat di twe gepraat het, sê sy in haar self, en as hulle Willem wil skade doen, sal ek wel 'n plan maak. "Di mans denk hulle is slim mar vrouwens is slimmer, wag mar."

Mister Greefhag het ni lank gewag om weer in te span en weg te ry ni. Oom Hermanus gaan toen oek uit. Pas was hy weg of Fya loop op di werf rond en maak di hoenders bymakaar.

Ou Platji kom fan di kraal af.

"Ou Platji, help tog fer my di hoenders bymakaar te maak," sê Fya. "Ek het nog 'n stukki tabak."

Ou Platji was nou rats genoeg. Toen hulle so agter di hoenders loop, sê Fya:

"Het Pa pêrde an mister Greefhag ferkoop? Hulle het seker baing gestry."

"O né, noi Fya! Hulle het ni daaro'er gepraat ni; hulle het net gesels o'er grond koop."

"Wil Pa dan nog grond koop?"

"Né, baas Hermanus het net gesê dat baas Gert fer klyn baas Willem grond wil koop. Di klyn baas wil seker gaan trou, ni waar ni nonna?"

Fya word rooi en sê toen: "Was ou baas tefrede?"

"Né," sê Platji, "ou baas het gesê dat baas Gert di grond ni so goedkoop moet kry ni, mar ferder het ek niks gehoor ni."

So, denk Fya, as Willem grond koop dan weet ek wel wi of op di grond sal woon. Ek sal siin wat ek kan doen laat ek mar net Willem eers siin.

Neef Jan.

(*Word fervolg*).

Di Studi fan Dokter Booi Jaftha o'er 'n Froumens.

Liwe jeugdige lesers fan "Ons Klyntji." In di skrywe fan ou Dokter, o'er di Venters famili, het hy julle belowe om weer te skrywe. Nou stuur di uitgewers fan "Ons Klyntji" fer ou Dokter 'n boek, getitelt: "Di Eerste Afrikaanse Taalkongres." Daarin siin hy dat Ds. Cachet foorgestel het, dat "Ons Klyntji" moet uitgegé worde fer huiselik gebruik, om di Afrikaanse taal te beforder. Wel, fer huiselik gebruik is dit dan seer nodig, dat di ou Dokter 'n beskrywing gé fan syn onderfinding as Dokter o'er di froumens. Mar feral moet ek eers di liwe froutjiis fra om tog ni fer ou Dokter kwaad te worde ni, want hy sal hom dan seker ophang, as daar gen dametjiis meer is ni. Nou kan ons dit glo oek mar opneem as grappiis fan "Ons Klyntji," ens.

Toen ek 'n kind fan 4 jaar was, begin 'n gefoel in my op te kom fan jammerte o'er al wat siik word; selfs as 'n hoender of kat siik word dan kook ek alle soorte kruie en gé di siik dire dit in. Nou was ek oek net bisonder gelukkig. Selfs mense wat di Dokters ni kan help ni maak ek net gou-gou gesond, feral 'n froumens waar myn hart tog al te teer foor was. Mijn ma het dit anstons bemerk dat myn roeping net fer Dokter bestemd was, en stuur my 8 jaar oud na Europa om daar as Dokter opgely te worde. Toen ek 18 jaar oud was kry ek 'n briif fan myn ma dat ek fer 6 maande eers na huis moes kom om my foor te bery fer di anneming, dan kan ek weer myn studi gaan fortset. Want haar begeerte was dat ek eers moes angeneem worde. Daarop moes ek al myn Dokters boeke op sy sit om di bybel te bestudeer. Toen ek in Genesis kom, word myn andag getref deur wat daar staan: "Kom, laat ons fer di mens 'n hulp maak." Nou dog ek, wag, as ek eers angeneem is, sal ek bestudeer of 'n frou ni 'n mens is ni, want as di kinders imand siin ankom, dan sê hulle altyd daar kom mense an. Naderhand sê hulle weer: daar is mos froumense oek by. So moet daar tog iits agter skuil. Nou gaan ek ferder en siin: "Di begeerte fan di frou sal tot di man wees." Toen dog ek: dit moet ek oek bestudeer, want dit is wonderlik, dat di begeerte fan di man ni tot di frou is ni. Want hoekom moet ons dan di perd fat om te gaan fry? ens. Toen ek in di Nuwe Testament kom, siin ek dat Paulus di frou beskryf as 'n swakkere fat. Nou dog ek weer: wag, hiir leg seker 'n bisondere geaardhyd in di frou wat di man ni het ni en wat Paulus nou 'n swakke frou noem, onder di benoeming fan 'n swakkere fat.

Toen ek fan di anneming terug kom, wat ek gelukkig goed afgeleg het, herfat ek myn frouwe studi. Di eerste gaan ek di jongetjiis-kinders bekyk waar hulle speul. Daar siin ek hulle het elkeen 'n spannetji skulp osse foor 'n wa'entji en karwy net hard, dis nou te siin dat di kind 'n plan het om 'n boerdery fer di toekoms by makaar te maak. Daarop gaan ek weer di mysiiskinders bekyk waar hulle speul. Hiir was myn andag ferbaas o'er di onderskyd tussen frous- en mans-kinders. Elk mysikind het 'n huisi met kamers, gemaak fan beentjiis en klippiis, wat nog al fol is fan ferskillende soorte poppe, bestaande uit mans, frous en regte klyn kindertjiis. Toen dog ek, wag, ek sal 'n bitji myn lyf wegsteek om di spul goed te bekyk. Daarop siin ek di mannetji-poppiis fan Sari gaan o'er na di wyfi-poppiis toe fan Mina om te fry, waarna daar 'n soort fan trouwery plaas find met 'n grote bruilof. Sari en Mina noem nou makaar susters. 'n Kooi is froeg di dag fer di bruid en bruidegom afgesonderd. Anstons word fer di jonggetroude poppe 'n nette bedji gemaak. Ek dog: arm onnosele mysi-kinders, julle is nog ni 4 jaar oud ni, en tog is julle begeerte, follens Genesis, nou

al tot di man. Ek het net goed opgelet na Sari en Mina, want myn studi in Europa was binne twé jaar as Dokter foltooid.

Dog met di mysiis gaan dit nog haastiger, want net soos hulle 12 jaar oud is word di poppe weggegooi en begin hulle te denk soos ou Dokter dit noem, dat hulle "jong noiens" is. Kyk as 'n mens 'n folgroeide mysi pla, dan lag hulle frypostig sonder skroom, mar 'n mysi fan 12 jaar steek di kop op di bors weg en lag soetjiis gi-gi-gi. Dis "noiens-lag" soos ou Dokter sê. Sari en Mina was toen so fryerig met di poppe, mar nou hulle 17 jaar is kan jy dit ni bemerk ni; want 'n mysi is mos fan buite ni soos fan binne ni; dit wil sê 'n mysi of frou is ni posetiif soos 'n man ni; hulle is net bly dat di jong kerls kom fry, want kyk hulle begeerte is tot di man, mar om hulle ni posetiif is ni word dit ferbloemd gehou. Hulle praat kasta of hulle ni wil trou ni, mar moeni glo ni; maak assebliif as of jy nou mar net na Kato fan tant Breggi gaan fry, dan sal jy net gou hot-om siin draai.

Sari en Mina is nou alby getroud. Nou wil ek myn studi op hulle foltooi om uit te finde wat di fout is, wyl Paulus fer hulle 'n swakke fat noem.

Di eerste ses maande het dit net jolli gegaan; myn ma bak en slag, sodat hulle as jonggetroude mar kan pelsiir neem, sodat 'n mens sou denk dat Sari en Mina hulle mans tedanig liif het. Dog wag 'n bitji, lesers, dis ni altyd sonskyn ni. Sari en Mina neem nou self hulle huisboerdery o'er. Nou kom oek met eens di swaar fan di wereld wat Sari en Mina ni bra wil dra ni, sodat di jeugliifde sal ferflou om selfs teen di man nukkerig te wees; egter sê ou Dokter steeds: sy is 'n swakke fat. Kyk fer Jan, di man fan Sari, was besig di osse in te span om te gaan ploe'e, toen Sari fer hom sê: myn lammi, kom haal nou fer jou liwe froutji 'n emmertji water. Jan goi di rime neer om eers di water te haal; mar in plaas fan 'n emmertji soos di frou gefra het, kry hy 2 emmers so groot dat hy nouliks di lege emmers kon drâ. Arme Jan het nou ni kon denk dat hy deur di eenmaal hom hymlik by Sari ferbinde het om di emmers al morres fol te breng.

Di follende morre kom sy o'er di agterdeur en sê: Jan, jy moet fer myn kom water haal anders kan jy fandag sonder kos bly. Jan staan reeds 'n sukkel met 'n jong os. Nou was di fraag fer hom oek 'n bitji onbeleef en hy gé ten antwoord: myn frou kyk tog hoe ek sukkel, kan jy dan ni fanmorre froeg al gepraat hê ni; nou kan ek dit ni doen ni. Kwaad is Sari, en om Jan te terg omdat hy ni fer haar met di water wil help ni, neem sy nou di twé groot emmers in di hand en 'n groot blikkom, waar sy brood in kni, op di kop. Sy wil haar nou beseer om Jan te fersondig.

Gelukkig het di ferkeerde plan ni goed fan stapel geloop ni, egter was Jan waarlik di middag net bang om in di huis te kom. Ek was selfs ferwonderd dat sy di grap maak om hom te gemoet te gaan, hom so ongeërg om di nek te fat en 'n soen te gé as of daar nooit iits gebeur was ni. Dokter, sê hy naderhand an my, dit is tog goed dat 'n frou ni so haatdra'end is as 'n man ni; kyk myn frou het glad di water spulletji fan fanmorre fergeet. Ek sê toen: Jan, as Dokter in myn studi, het ek opgemerk, dat 'n frou ni uiterlik is soos hulle fan binne is ni. Dus wees op jou hoede. Ek denk jy sal nog baing da'e fan di water moet hoor. Di follende Sondag gaan Sari na Mina toe kuier. Toen was Amerensi oek daar om te kuier. Daar staan ek toen so agter di deur te luister na di gesels fan di dri frouens. Ek hoor Sari klaag dat sy so moet sukkel en di kindji is oek so stout, al di werk moet sy alleen doen. Jan ferw rdig hom ni eens 'n emmertji water fer haar te haal ni. Ek dog: ja, dis nes ek an Jan gesê het, di water sal weer op di flakte kom. Ag, sê Mina, daar is ni 'n frou wat so swaar het as ek ni. Ek dog: og myn tyd, di een het meer klagtes en het dit swaarder as di ander; ek wens wel dat ons gouwerment di klagtes fan al di frou'ens wil laat ondersoek om uit te finde watter frou yndelik di swaarste het. Mina sê byf.: al staan myn ou man oek by di fuur'ert, dan sal hy ni 'n potji melk aftel ni wat in di fuur kook. Ag, sê Amerensi, ek kan ni glo ni dat onder di son 'n frou kan wees wat dit so swaar en bitter het as ek ni. Ek het myn ou man reg-reg liif en wil ni fan hom kwaad praat ni, mar al sou ek oek dood gaan dan sal hy ni 'n bitji water neem om my te lawe ni.

Hiir was di studi bo myn fuurmaakplek, want ek dog: né 'n frou wil ek ni wees ni; want al di frouens lewe onder di las wat 'n man ni kan dra ni. Mar nou kom di grote fraag: waarom het al di frouens ewe swaar en is hulle net eenders fol klagte, en dat al di mans so fol foute is? En dan ni 'n frou te help ni waar sy so moet sukkel, want sonder 'n frou kan di mans tog ni lewe ni, òf hy moet 'n deugniit wees òf fan honger omkom.

In di tyd gaan ek weer na Furopa om myn ou frinde te besoek; en ek neem myn intrek by Ds. Anderson, hoofleeraar fan di stad. Dit was 'n man en frou wat deur liiftallighyd amper di hele wereld o'ertref. Ds. Anderson het 'n assistent prediker, Ds. Abramson, om hom te help, want di gemeente is net groot. Ds. Abramson is oek so 'n liiftallige man wat ek met frou en al goed geken het. Mar met myn afwesighyd na Suid Afrika is di liwe frou o'erlede, sodat Ds. Abramson syn lewe eensaam en alleen moes deur breng. Di eerste aand fan myn ankoms by Ds. Anderson, kom Ds. Abramson ons twé 'n besoek breng. Na ons sowat o'er Afrika gepraat het, kom di gesprek as fan self op di afsterwe fan

juffer Abramson. Ds. A. getuig dat di eensaam lewe fer hom te swaar fal, want huis en kinders is and ferwaarloos, sodat hy besluit het om nou mar weer te trou. Ds. Anderson gé ten antwoord dat hy ni kan ferstaan hoe 'n man syn liifde fer syn frou, kan afstaan fer 'n ander ni ; hy kan dit nooit denk as hy sou sterwe, dat syn frou di liifde fan haar teeno'er hom, an 'n ander man sou afstaan ni. Ek merk an, dat ek in myn studi as Dokter uitgefinde het, dat di liifde fan 'n frou ni altoos te fertrou is ni, feral wanneer di liifde so bisonderlik hewig is. Ds. Anderson word net warm, en meen dat ek trag om syn liwe frou te beledig. Dog ek stel foor om di liifde op 'n proef te stel. Ons maak toen di plan, dat ek my in di kamer sal wegsteek. Dan moes Ds. Anderson en Ds Abramson di aand alleen in di huis bly en 'n bitji laat sit en praat. Eensklaps moet hy kasta maak of hy so skilik siik word en naderhand moet hy maak of hy wil doodgaan. Dan moet Ds. Abramson met juffer Anderson o'er trouery praat.

Net soos dit lyk of hy di jawoord sal kry, moet hy 'n bitji foute fan hom self fertel, net om te siin of di frou ni sal sê ni : myn o'erlede man het di of di foute gehad, maar ek wil ni yndlik fan hom kwaad praat ni. Omtrent 10 uur di aand find di siikte plaas follens afspraak, en di siikte word skilik erger, totdat Ds. Anderson yndelik maak of hy dood is. Daar was toen so'n geween, dat ek self begin te snik eer ek daar reg om gedenk het. Ds. Abramson neem di frou an di arm om haar te troos ; ja di outji ferstaan dit net goed om te wys op di gefaar waar sy haar nou self foor bloot stel. Haar antwoord was net: Ek sterf fan ferdriit ! Ja, sê hy, dit sal seker oek gebeur as jy jou an ferdriit o'ergé. Wat moet ek dan doen ? fra sy. Wel, ek sou jou raai om so gou as molik weer te trou, anders maak jy net gou-gou jou 2 kindertjiis oek wesiis. Kyk, sê hy, jy is nou hulpeloos, en so kan jy ni lewe ni ; want wi sal fer jou en di 2 kinderjiis sorre. Ek is oek al 'n hele tyd hulpeloos. Nou kan jy net 'n plan maak dat ons twé trou ; jy ken my goed en hoe ek met myn o'erlede frou gelewe het. Hiir is dus 'n skone kans fer ons twé ; uitstel kan daar ni wees ni, anders ferliis ek myn kans wat ek kan kry by di wedewe Jackson. Kyk, sê sy (want di lesers moet weet, di trou praatjiis het di huil gestop), di mense sal danig daaro'er praat dat ek my so gou-gou ferloof. Egter sal ek my an jou ferloof, net op foorwaarde, dat jy dit nooit an andere sal fertel ni dat ek my nou al ferloof het. Met di woord fan ja, sê hy, dit beloof ek jou.

Daarop gé hulle makaar di hand en 'n soentji wat amper 5 minute geduur het. Kyk, sê hy, alles is nou so fêr klaar, nou sal ons trou so gou as di wet dit fer jou toelaat. Mar ons lewe en liifde moet diselfde wees, as di fan jou o'erlede man. Dog ek het 'n kwaal wat jy molik ni mé tefrede sal wees ni, en daar dit molik 'n ferbittering in ons lewe kan bewerk, moet ek dit an jou sê, en wel om eers te weet of jy daarmé sal tefrede wees. Hiir kon ek anstons bemerk dat di frou kort asem word om di kwaal te hoor, wat molik di trouery kan benadeel. Eindelik fra sy, met 'n bewende stem : "Wat is di kwaal ?" Kyk, sê hy—ek het 'n slegte humeur. "Ka-ka-ka" skater sy uit fan di lag, en sê : is dit 'n foutji om eens fan te praat ? Daar lê di o'erlede siil ; ek wil yndlik ni fan hom kwaad praat ni, mar ek is gewend om syn slegte humeur te ferdra, erger kan joue nooit wees ni....Dit is 'n bondige leun, sê di man wat net alles afgeluister het, waarna daar 'n gedoente in di huis was wat gen pen kan beskrywe ni. Juffer Anderson het dit net gou opgemerk dat dit myn opmakery is. Anstons het sy 2 konstawels daar wat my na di tronk sleep, op 'n anklag dat 'n boer uit di Oranje Frystaat gekom het, om haar teen haar man op te maak.

Di nag het ek benoud geworde o'er myn sonde teen di frou, want Maandag moes di saak foorkom, en follens di wet fer sulke dade, is di straf net 3 jaar, of 50 houe met di kats. Gelukkig maak Ds. Anderson 'n plan met di hoof konstawel, dat ek Saterdag nag kon ontflug. Sondag froeg was ek op di blou water met di skip. Di lesers kan my glo dat ek net baing omgekyk het ; want eensdeels was ek bang dat di frou met 'n steamer-skip my kan agterna sit, ten andere het ek ni sofeul tyd gekry om myn frinde daar te besoek ni, want soos di lesers sal opgemerk hê, ek is net di eerste nag na myn ankoms in Europa gearresteer deur di frou.

Net 'n maand na myn fertrek fan Europa was ek weer in di Frystaat. Nadat ek myn papire an di President getoon het, word ek toegelaat om as Dokter te ageer. Spoedig het ek uitgefinde dat 'n man di foute fan 'n frou moet o'ersiin, dit wil sê, met geduld moet dra, want om buite en binne te werk kan jy waarlik naar worde op jou maag. Di huis bly net altyd fuil, hoe jy dit oek al skoon maak. Di kos is altyd rou en sonder smaak.

Nadat ek omtrent 'n jaar alleen gesukkel het in di huis, kry ek 'n plan om my oek mar 'n frou te fat, want om te soek was ni nodig ni, wyl dit my gelyk het of al di mysiis op my loer, want ek was mos 'n ho'e man wat 6 tale geleer het. Dog omtrent di tronk waar ek in was, moeni glo ni, dat ek dit an imand sal vertel ni. Eers het ek gedog om 'n Engelse mysi te fat, met wi ek lekker Engels kan gesels, mar di ho'e lewe, en elke dag 'n nuwe dans dres, en dan nog onnutsig om in di huis te werk, laat my besluit om liwer 'n rou boer mysi te neem, dan kan ek haar self

Engels leer. Di huiswerk ferstaan sy net goed, waar 'n boermysi trots op kan wees. So skryf ek an Elli Schoeman 'n briif dat ek di follende Saterdag fer haar 'n bitji sal kom kuier.

Froeg di Saterdag was ek daar, na ek nog 'n paar siik mense besoek het. Ruim 2 uur het ek deurgebreng om haar fan myn kwaaijong streke en myn studi te fertel. Dog omtrent di tronk, moeni glo dat ek mik of pik daarfan ni! Na ek nou uit gesels het, sonder om fan trou te praat, sê ek an haar, dat ek my foorgeneem het om my 'n froutji te neem as 'n hulp soos di bybel dit noem, en wel om myn lewens dage te ferangenaam; mar dis ni myn doel om as 'n kind met haar te sit en redeneer ni. Ons is alby groot met folle ferstand, om ja of né te sê, sonder ons te misgis. O'er 15 da'e sal ek weer kom, so kan jy intussen daaro'er denk, sê ek fer haar, of jy kans siin om jou lewe met my te ferslyt. In diir foege het ek gepraat; want ek dog sy kan trots wees dat ek haar onder di duisende uitgekiis het. Met 'n goeie nagsoentji gaan ons slaap.

Di 15de dag was ek follens myn woord daar. En om ek dri of fiir plekke fan siikte moes besoek, fra ek di ou mense ferlof fer 15 minute as 'n mondgesprek met hulle dogter, wat my geredelik word toegestaan. Na ons alleen was, maak ek haar weer opmerksaam om ni as 'n kind te redeneer ni, mar kortaf ja of né te sê. Met 'n paar slukkiis kom di woord fan "ja!" 2 Maande later is ons getroud. Deur ek di geaardhyd fan 'n frou op myn maniir so goed weet, het ek as man net gedaan wat myn plig fan my fo.der, sonder eers toe te laat om di pinki-eers in di hande te kry. Mar wat partykeer 'n bitji onfergenoegdhyd feroorsaak het, was net, dat sy 'n boermysi was, wat na myn oordeel te fas geklem was an di Afrikaanse taal wat ek toen ni kon ferdra ni, omdat dit fer my so stomp en onnosel lyk.

Ek het net moeite gedaan om haar di Engelse taal op te hemel; want ofskoon self 'n boere kind, was ek tedanig Engelsgesind, sodat ek wou hê dat sy myn foorbeeld moes opfolg as hoof fan di huis. Net o'er ek so goed geleerd was, kon sy wel begryp dat ek haar ni sal ferkeerd raai ni; dog di geleerdhyd het my gou-gou laat uitfinde dat di kop fan 'n frou harder is as 'n man wel kan denk. Ten andere het 'n man oek ni so 'n lang asem soos 'n frou om 30 jaar o'er een ding te redeneer ni. Dis glo om di rede dat al di mans naderhand so toegéwend word, dat di frou kans kry om te gebide o'er di man. Net soos ek haar di nut en beskaafdhyd fan di Engelse taal anwys, dan gebruik sy foorbeelde fan ouers wat in trane gedompeld is deur hulle kinders wat so geleerd is en deur di Europise sede en sleg gedrag glad ferfal is, wat ons ou boere as Hugenote ni geken het ni, en hoe ons Afrikaanse kinders deur di Europise sedes en gewoontes dag an dag agteruit gaan, sodat di Afrikaanse nasionalityt nou waarlik met di ferengelse foete fertrap word, sodat ons o'er 20 jaar ni meer sal weet waar ons moedertaal belande het ni. Daarop trag ek haar te bewys dat Afrikaans ni ons moedertaal is ni, wyl ons foorouers almal Europeane was. Ja, sê sy, dit weet ek goed dat ons foorouers bestaan het uit Franse, Duitsers en Hollanders, mar weet jy wel dat hulle almal flugtelinge was, o'er di slegte gedrag fan hulle ouers, wat jy wil hê dat ons hulle moet fereer? Nou moet jy oek weet dat di ferskillende soorte flugtelinge wat hiir in Afrika gekom het, ni in staat was om elk syn eie taal te behou ni, want daar was anstons 'n trouwery onder makaar. Of meen jy dat elke nasi 'n frou moes gaan haal in syn land wat hom so ferfolg het? O né, myn ou man, hulle was ferplig om hulle moedertaal te laat faar. Kyk daar was eensgesindhyd en toegéwendhyd onder hulle as gristene (ni soos jy nou met my wil maak ni), so het hulle 'n taal geform, ni as folmaak ni, mar om al da'e te ferbeter, soos dit mar met alle tale in di wereld gaan. Wat my yndlik as 'n domme Afrikaanse frou ferdritig maak, is net om jy jou al da'e beroem as 'n gebore Afrikaner, en tog met al jou tale en geleerdhyd ni 'n ei'e taal as Afrikaner het ni. 'n Boesman is net trots op syn ygenaardige taal; is dan 'n Afrikaner gemeener as 'n boesman? Kyk myn ou man, lees tog jou bybel, dan sal jy siin dat di ferandering fan tale selfs deur di bybel gewettig word. Daarop antwoord ek: Wel, frouliif, as jy my dit kan bewys uit di bybel uit dan gé ek myn job in. Danki ou man, luister dan net goed. Di mens is net met een taal gemaak, dit weet jy goed. En wi di tale by di toren fan Babel ferwar het, weet jy oek goed. Dus fan di tyd af is di tale altyd ferander nadat di mense dit nodig had. Kyk, di Israëlite trek uit Egipte met een taal as 'n uitferkore folk. Later was daar oorlog tussen di Gileadite en Eframite. Laasgemelde het di stryd ferloor en flug, dog di Gileadite het di drifte by di Jordaan bewaak, waar 42,000 Eframite gefang en gedood werd, wyl hulle gen "Schibbóleth" kon sê ni. So was di taal toen reeds ferbaster. Dus is dit onreg om 'n taal te wil uitroei soos jy nou an di Afrikaans wil doen. Ahasveros, ofskoon 'n hydense koning, gé befel om 'n proklamasi uit te faardig, dat elke man sal baas wees in syn huis en sal praat na di taal fan syn folk (Esther 3 : 12 ; 8 : 9). Is dit nou reg fan jou dat di Europise taal, wat in Afrika ni tuis hoort ni, di taal fan di Afrikaners moet ferdring? Jy noem di Afrikaanse taal "stomp en onnosel," foei, dis sondig fan jou te'en di gees fan di taal. Of het jy ni ferskye plekke in di bybel gekry waar di Heilige Gees uitgestort is onder alle tale, folke en nasiis ni? Dus getuig di H. Gees dat Hy alle tale wil eerbidig! As ek nou terug denk hoe foorspoedig ons foorouers as Hugenote was,

en di eerste 150 jaar onder di suiwere Efangelileer gelewe het. En as ek dit in ferband breng met di laaste 50 jaar fan te'enspoed, bestaande uit Droogtes, Sprinkhane, Runderpes onder di beeste, Brandsiikte onder klynfé, oek andere plage onder klyn en grootfé ens. Dan folg di Jameson infal, oorloge en gerugtes fan oorloge ens. Dan denk ek so : di Afrikaners gaan hulle godsdiins, sedes en gewoontes fan di foorfaders o'ergé an di Engelse nasionalityt ; dus fandaar di straffe en oordele. Alles, follens jou prinsipe, moet ferengels worde, soos taal, sedes en gewoontes wat jy teeno'er Afrikaans ophemel, om di Afrikaanse nasionalityt met foete te fertrap. Ag myn ou man, myn oog ween en myn hart wil ni getroos wees ni, want ons het rede om te siin dat al di dinge o'er ons kom omdat ons so ferëngels word. Ja, myn liifste frou ; nou siin ek dat 'n frou tog mar altyd 'n soort fan foorgefoel het. Jammer mar dat jy ni 'n goeie skool gehad het ni, anders was jy net 'n bekwame adfokaat, wat seker ni 'n saak sal ferloor ni. Inderdaad is dit regte jammer dat 'n man syn oge mees altyd oopgaan as dit yndlik te laat is ; mar né, hiir is dit nog ni te laat ni, laat ons nou saam werk fer ons Afrikanisme.

Di Editeur en lesers fan "Ons Klyntji" moet di ou Dokter dit tog ni kwalik neem dat hy syn froue studi ni ten folle uitgeskrywe het ni. Kyk ou Dokter is net bang dat hy syn guns by di froumense sal ferloor ; anders het hy seker alles geskrywe wat hy opgemerk het. Gé tog beste groete an al di opregte en getrouwe Afrikaanse Dames fan ou Dokter

BOOI JAFTHA, O.V.S.

Wat mense fan my se.

MNR. R. P. V. van Kenhardt skrywe : Ek wens dat al di intekenaars nog een intekenaar stuur, dat ons di "Klyntji" 2 maal in di maand kan kry ; want ek lees hom al te graag en hy is ook groteliks leersaam.

'n Dame Intekenaar van Kuruman skrywe : Hartelik dank fer al di mooie en leersame stukke wat jy an ons fertel. Ek hoop dat jy 'n groot man sal worde. Ek sal jou altyd help waar ek kan en ek sal trag as di onluste fan di kaffers ferby is om 'n hele party intekenaars te kry ; mar nou met di oorlog is jou frinde bang dat jy sal fermoord worde, om hulle in 'n oorlog te besoek.

'n Intekenaar fan Tarkastad skrywe : Ek het in di jaar met genoege "Ons Klyntji" gelees. "O. K." is waarlik di andag fan syn lesers wêrd, feral omdat hy Afrikaans praat. Hy fra fer elke intekenaar om hom nog een te stuur. Nou ja ek stuur jou een."

Mnr. P. A. J. Swanepoel stuur fer my 2s. 6d. per sent ; Mej. N. F. H. Johannesburg 1s. ; J. J. Heyns 2s. Hartelik dank.

'n Intekenaar uit Somerset Oost stuur fer my 2s. as 'n persent en skrywe ek moet fer my kousiis kry, di winter is op hande. Hartelik dank. Di frind sal siin ek het al konsiis an: mar dit kom goed fer 'n ander dag.

Mnr. J. J. A. v. d. W. distr. Middelburg skrywe : Ek stuur 2s. as 'n persent fer "O.K.," dat hij kan groter worde, en meer male kom, want hy gesels net lekker. Ons kan di tyd ni afwag dat hy moet kom ni ; hy laat ons lekker lag.

Mnr. J. P. Burger skrywe : Hartelik dank "Ons Klyntji" foor dat jy fer my twaalf maal in di laaste jaar kom kuier het. Jy het wel party maande bitji lank weg gebly, mar ek het jou tog daarom gekry. En daarfoor stuur ek weer fer jou 4s. fer reiskoste dat jy nog fer my 12½ maal in elke jaar kan kom kuier. Ek denk 52 maal in elke jaar sal nog beter wees. Klyn ding groei nou mooi fris in di jaar '97, sodat jy fer ons ni '98 24 maal kan besoek en nog mooi storiis kan fertel, feral soos di "Koningin fan Skeba, en di fan Mnr. Retief, en Miss Joubert," want di het ons algar na ferlang. Mog daar tog mar weer een kom wat ons so na ferlang.

Oom Dirki en Ek op Jag.

EK woon op 'n plasi genoem Doorndraai in Transvaal. Omtrent 15 minute fan my af woon oom Dirki Stootgaring. Op 'n goeie dag kom ons twé by makaar en ons maak toen 'n plan om op jag te gaan. Hoe 'n man oom Dirki was is enkel onmolik om te beskrywe, want soms lyk hy regte ferstandig te wees, dog dan kan hy weer sulke malle streke ferkoop, en daarby is hy soms buitengewoon fergeetagtig en gedagteloos, dat 'n mens haas kan denk dat hy 'n slag fan di windmeule weg het. Dog hoewel hy ni juis dooierig is ni, lyk hy partykeer tog half of heeltemal fan syn sinne af. Wel, ons twé sal dan gaan jag. Ek gé 16 osse en oom Dirki gé 'n wa'e. Alles was dan yndelik agtermakaar, en op di 4de April sal ons fertrek. Di wa'e word opgepak en elkeen neem dan mé wat hy denk om nodig te hê op di tog. Behalwe 2 jonge kaffers neem ek oek 'n ryperd saam ; di 2 Kaffers heet Stuurman en Karools ; oom Dirki neem gen perd mé ni mar wel 'n boesman met di naam fan Windfo'el. Dit was so bestel dat alles bymakaar

en in orde moet wees op ou Knoopderm syn plaas onderkant Enkeldoorn en Riitfly.

So fertrek ons dan fan di plek af op di bestemde datum. Oom Dirki is altyd haastig mar foer niks uit ni. Hy het hom sodanig o'erhaas met klaar maak dat hy hom self gen tyd gegun het om op te let of hy ni dalkiis di een of ander ding fergeet wat hy kan nodig hê ni. Nadat ons so 'n klyn skoffi gery het, span ons uit. Nou het oom Dirki di gewoonte om as hy op so 'n plek 'n bitji gerus het dan syn pyp te stop en te rook soos onweers wolke foort borrel. Ewe droogweg begin oom Dirki soos gewoonlik syn batji sakke deur te snuffel om di pyp uit te haal, en hy word hoe langer hoe woeliger, hy ruk en pluk di batji hot en haar en foeter partykeer met altwé hande tegelyk in di sakke, dog di pyp kom mar ni te foorskyn ni. Ek kon myn lag ni hou ni om te siin dat hy al di s.kke hoe langer hoe haastiger amper twintig maal deurgesnuffel het. Yndelik skré hy: Windfo'el, het jy ni myn pyp gesiin ni? Ja ou baas, langes di kom water op di kassi waar ou baas, oubaas syn hande gewas het, daar het dit bly lê. Jou peperkorrel kop, kan jy dan toen ni fan di ding gepraat hê ni? wat ter werêld fang ek nou an!

Nadat oom Dirki so 'n rukki stil gesit het, sê hy: Gawi, ou maat, (hy noem my altyd Gawi) gé fer myn jou perd om myn pyp by di huis te gaan haal; dog ek sê: né oom, dis ni nodig ni, hiir is 'n ander pyp wat oom kan gebruik, want ek het 2 orige pype saam gebreng. Nadat hy toen lekker gerook het, begin hy di Kaffers en Boesman haastig te maak om in te span. Egter, wat my betref, ek maak daar gen gewete saak fan om so danig strik toe te laat dat alles moet gedoen worde soos di ou wil hê ni, want dan is alles netnou in so 'n warboel dat ons fan baing dinge ontbloot sal wees en sonder te jag tefoet kan huistoe loop; so het ek nog 'n rukki gewag; toen laat ek inspan en ons ry fort. Daar ek jammer was fer di fé het ons in di begin fan di rys mar klyn skoffiis gery, en so het ons nou na 'n paar uur weer uitgespan dat di fé so lank molik fris en fluks kan bly. Ons wa'e staan so kort by 'n klyn klipkoppi. Toen ons nou sal koffi maak om 'n stukki te eet, word oom Dirki weer nes 'n mens wat half mal is; hy rek syn oge so groot oop amper soos 'n half kroon en sê ewe ferfaard: Ag neef Gawi, ou maat, wat fang ek nou an? di ander klere het ek tuis fergeet, en di ou dun broeki wat ek an het, is reeds so erg deurgeslyt, en dit net op di sitplekke dat ek ni eens op di gras kan gaan sit ni of di steekkweek prik my soos 100 spelde te gelyk; gé tog jou perd om myn ander klére by di huis te gaan haal. Ek was ferêrg, mar het di ou toen daarom gehelp.

Daar ons reeds ruim 2 uur te perd fèr fan di huis af weg was, kon ek begryp dat oom Dirki ni foor di ander dag weer by di wa'e kan wees ni. Di follende morre dog ek: as di ou tog nou mar eers 'n heel broek antrek, want wi weet watter flater hy nou weer sal anfang en straks fergeet hy di klere nog 'n slag by di huis. Di osse het ek digteby di wa'e laat wy, Windfo'el en Stuurman kyk na hulle, wyl Karools besig is om flys te braai fer agtuur, want di son was toen reeds omtrent 'n uur hoog, en myn plan was om as oom Dirki kom, dan gou 'n stukki te eet en ferder te ry; ek had weer laat koffi maak en wag nou net fer di ou baas. Wyl ek so by di fuur op myn felstoeltji o'er di ou syn flaters en teleurstellings sit te denk, kry ek gedagte om te kyk of di ou nog ni kom ni en gaan toen op di foorkis staan. Nadat ek daar 'n paar minute gestaan 'n kyk het, siin ek oom Dirki ankom; ja, dog ek, watter nersgebrek sal nou weer foor 'n dag kom. Dog né, di ou kom so op 'n trippeldraffi nader, hy het 'n ander broek an en had nog so 'n groen klyn koffertji op di perd, was ewe opgeruimd want hy was besig 'n pelsirige deuntji te fluit tot hy afgeklim het. Di perd word afgesaal om 'n bitji te rol en 'n paar bekkiis fol te peusel so lank as ons eet; di koffertji staan intussen langs di foorwiil en di ou gesels net orlstryk.

Toen ons dan geëet en weer koffi gedrink het, pak ek di goetjiis in di kosmandji reg, wyl oom Dirki so lank syn klere in di foorkis sal pak en dan sal ons inspan. Skaars was ek besig di goed in di mandji reg te sit dat niks moet breek ni, of daar begin oom Dirki op nuw 'n beesagtige lawaai op te skop, hy had di sleutel in di ander broeksak gesteek, daarna het hy 'n heel broek angetrek en so is di sleutel nog tuis; mar né, wag, dit fal hom by dat hy dit later in di broeksak gesteek het wat hy nou an het, daar was hy seker fan; nou word di sak goed ondersoek, en ja, wat sal ons siin? di broeksak is an di onderend 'n groot gat in sodat di sleutel nou glad weg is. Wat nou gedaan? Di koffertji oop te breek sou werkelik tog alte jammer wees. Toen ek myn kosmandji reggepak het, sê ek: wag oom, ek weet raad. Ek had 'n dosi met spykers, daarfan neem ek een lang dun spyker, ek maak dit goed warm en buig dit krom an di punt amper soos 'n els en help toen om di koffertji oop te kry; na 'n bitji gesukkel had ons di koffertji oop, mar wat was di ou tog ni bly ni. Ek siin toen by di effe oplig fan di deksel 'n wit doek, soos ek meen o'er di klere, mooi uitgespry en an al fiir hoeke nettjiis fas gedruk; ek sê toen: kyk, oom kan nou in 'n klyn ogenblikki di klere in di foorkis pak en maak di koffertji fas op di trap onder di agter gedeelte fan di buikplank, ons kan dit nog fol dro'e biltong pak, so sal di koffertji ons nog goed tepas kom as ons wilds biltong maak, ek sal so lank di osse laat ankom, teun hulle hiir is kan oom alles klaar hê. Di ou was toen eers syn hande om di goed tog

mooi skoon te behandel, want hy was op syn maniir nogal sindelik fan aard.

Intussen was di osse ferder afgedwaal as myn mening was dat hulle moes loop. Ek loop tot op di koppi en siin di osse omtrent 500 tré'e anderkant in di gras wy; toen klap ek met di sweup so 'n slag of wat daarnatoe, en ja, daar siin ek dat Windfo'el en Stuurman di osse omkeer, want hulle weet dat ons nou wil inspan. Terwyl ek nog besig was met klap het ek al gehoor dat oom Dirki 'n boos rumoer maak by di wa'e, mar ek dog dat Karools hom op di een of ander maniir kwaad gemaak het. Egter gaan ek haastig terug om an di lawaai 'n end te maak; met naderkom hoor ek di ou murmureer iits omtrent dro'e fye. Ek dog: mar wat het di dro'e fye dan met ons jag-tog te doen. Toen ek by di wa'e kom had oom Dirki di koffertji byna 10 tré'e fêr fan hom af weggeskop en hy raas mar eenstreep o'er dro'e fye. Ek sê toen: Oom, wat is dit dan hiir te doen? Ag Gawi, oumaat, sê di ou, is dit dan ni om jou siil op te freet ni; toen ek di doek oplig om di klere te kry, siin ek di koffertji is fol dro'e fye; toen fal my dit in gedagte dat ek 'n tyd gelede di klere uitgehaal, in 'n ander kis gesit en di koffertji fol dro'e fye gemaak het; nou is myn klere nog tuis en in plaas daarfan het ek di koffertji met dro'e fye hiirnatoe gebreng, o'er di 2 uur te perd fêr het ek dit angepekel. By di huis het ek nooit daarom gedenk dat ek di ferandering gemaak het ni.

Dat oom Dirki so 'n abuis gemaak het kom daarfandaan dat hy altyd 'n o'erige pak klere, follens gewoonte, in di koffertji geberre het, wat hy dan gebruik as dit nodig is op di jagfeld of as hy fêr iwers na tog ry, ten minste dan neem hij di koffertji met klere en al mé; mar toen di frugte onlangs begin ryp te worde het hy gemeen di koffertji slegs tydelik fer di fye te gebruik, dog dit het hy glad fergeet wat dan oorsaak was dat hy hom self so gepypkan het. Eers kon ek an di rasery gen kop of stert kry ni, dog toen di saak my duidelik word, kon ek myn lag ni inhou ni en sê: mar wat het oom nou weer angefang; kan oom dan ni by di huis eers in di koffertji gekyk hê of alles wel reg is ni? Eers het oom di pyp fergeet, toen moes di klere gehaal worde, daarop het di steutel deur di stukkende broeksak weggeraak, en nou sit oom met 'n groot klomp dro'e fye inplaas fan 'n bruikbare pak klere; wat sal daar nou nog alles moet gebeur foor ons weer tuis is, ja foor ons in di jagfeld kom! Di ou praat gen woord ni, hy sit di koffertji met fye op di wa'e en loop brommende di bossiis in, so kwaad dat hy amper soos 'n Rhenoster blaas. Ek sê an di folk hulle moet di osse mar nog 'n rukki laat wy, wyl ek myn geweer neem en so effe weggaan fan di wa'e af om een of ander stuk wild te skiit wat mag foorkom. Ek loop tot by oom Dirki en fra: fer wi is oom dan nou so kwaad? Hy sê fer hom self, waarop ek toen sê: ag wat oom, kom ons gaan mar inspan om ferder te ry; so kom di ou weer tot bedaring en ons ry fort.

Nadat ons so 'n paar honderd tré'e fort gery en oom Dirki so lekker sit te gesels en net syn pyp opgesteek het, toen sê ek: mar wag, ek het lus om 'n 200 of 300 tré'e fan di wa'e af met myn geweer te loop, altemit kry ek 'n bok of iits anders om te skiit; ek stap toen so 'n afstand fan di wa'e af dat ek altoos kan weet wat by di wa'e plaas finde. Nouweliks was ek op 'n paar tré'e afstand of dit was nes oom Dirki meer lewendig word om nou oek 'n bitji te gaan jag; ewe haastig soek hy na syn skiitgoed en find toen uit, dat hy wel di kruit en lood saam gebreng het, dog di geweer had hy so skoon fergeet by di huis, mar toen kan jy op nuw weer hoor hoe hy tekére gaan, alles help net niks, hy moes mar op di foorkis bly sit. Toen ek weer by di wa'e kom, was syn plan by di winkel, waar ons sal ferby ry, fan Charles & Co. fer hom 'n geweer te koop, mar hy had gen geld ni, hoe nou gemaak? Nou sit di ou fer 'n goeie ruk doodstil en brom-brom so nou en dan nes di ouderwetse groot swart brom-bye.

'n Endji ferder span ons 'n bitji uit by 'n klyn kaffer-stadji waar juis 2 osse fan oom Dirki angekom was, en di ferkoop hy toen dadelik an 'n transportryer wat net wou inspan, fer £4 10s. per stuk, om met di geld fer hom 'n geweer te koop. So lank as hulle and handel was het ek di trekgoed geëksamineer of alles nog in goeie orde is, sodat ek fan di afrekening niks geweet het ni en meen dat alles nou agtermakaar is. Di transportryer het toen ingespan en ferder gery. Ons span toen oek in en ry 'n paar uur tot by di winkel. Nadat ons uitgespan was gaan oom Dirki na di winkel toe; a ja, spoedig was hy terug met 'n mooi geweer en kom di geld haal. Mar wat 'n konsternasi was daar nou weer! Oom Dirki had wel di 2 osse ferkoop mar glad fergeet om di geld te ontfang fan di transportryer wat heeltemal 'n ander rigting uit gery het en nou al wi weet hoe fér weg is. Oek weet hy di man syn naam ni en is nou sonder geld. Ek was oek al mooi warm o'er oom Dirki syn anhoudende nersgebrek en kinderagtighyd, mar gaan met hom saam en het toen daarom met di winkeliir mooi gepraat, wat daarna di geweer op kirdiit an oom Dirki afgestaan het.

Toen ons weer by di wa'e en alleen was het ek geperbeer om di ou baas dit onder di oge te breng dat hy tog ni so agterstefoor moet wees ni; mar kyk di ou word so kwaad dat hy dwing om my te moker met syn groot fuis wat hy aldeur onder myn neus hou, dog deur mooi te praat kom di ou weer tot bedaring, alles was weer ferby as of daar niks gebeur is ni, en ons twé sit lekker te rook. Daarna het ons 3 da'e heel freedsaam fort gery.

Intussen het oom Dirki fer hom 'n perd geruil by 'n swa'er fan hom wat uit di skiitfeld gekom het en waar ons an was te Michals Knop. Ons gaan toen ferder an ; oom Dirki en ek ry te perd op 'n stappi met di geweers by ons ; ons ry omtrent so 'n 300 tré'e fan makaar af, natuurlik in diselfde rigting soos di wa'e gaan. Nadat ons omtrent 'n kwartiir fort gery het tussen di struike deur, spring daar onferwags 'n bosfark op met 'n woeste geknor en gegrom en kort foor oom Dirki steek hy fas in 'n uitdagende houding ; oom Dirki ni links ni spring soos 'n kat fan di perd af om di fark te skiit, mar ag, daar merk hy dat di geweer nog leeg is, nou sal hy haastig laai, dog " o wee, " di ou het gen een patroon by hom ni. Nou begin hy te raas en te floek as of imand besig is om 'n tand uit syn mond te trek. Ek hoor di lawaai en ry na hom toe om te weet wat daar alweer gaande was. Op myn fraag : wat makeer oom ? antwoord hy : Ek het myn patroon band by di wa'e fergeet ! Ek sê : mar oom, hoe is jy tog altyd net soos imand wat sinneloos is ! Wat wou ek sinneloos wees, skré di ou, jou ellendige krap ; kan ek dan ruik wat my makeer ? Ek sê : ag oom moeni kwaad wees ni, kom ons ry mar na di wa'e toe.

Toen ons by di wa'e kom, gaan di son net onder. Ons het di saals op di wa'e gesit en di perde agter an di wa'e fas gemaak wat toen ewe geduldig agter an stap. Sowat 'n half uur later het ons uitgespan, di osse fas gemaak, di perde besorre, geëet en toen gaan slaap. Of di nagmerri fer oom Dirki di nag gery het weet ek ni, mar hy het ferskrikkelik gewoel en gespartel net soos 'n hoender wat jy di nek afgedraai het. Di morre fra ek wat hy gemakeer het. Hy sê dat hy gedroom het dat di Kaffers hom wou ferwurg. Nadat ons di geweers skoon gemaak het, loop ons op 'n klyne afstand fan makaar 'n endji in di bossiis rond om fer tydkorting 'n bitji te jag. Ons was ni fer weg ni of daar spring 'n rooibok uit wat kort foor oom Dirki fas steek, di ou was so gou as 'n by, di geweer is an di kop en so gou as nou hoor jy net " tiks, " mar daarfal gen skoot ni, di bok hol weg, dog eer hy te fér was had oom Dirki 'n ander doppi op di nippel en trek los met diselfde gevolg, want hy had wel 'n doppi opgesit mar gen skoot gelaai ni ; natuurlik hol di bok toen glad weg. Di ou het gedog dat di eerste doppi ni goed was ni, daarom had hy so gou 'n twede op di roer wat hom toen uit di droom gehelp het, want hy ruk di klep oop en siin toen dat di roer ni gelaai is ni. Egter had ek tog 'n kwagga geskiit. Of oom Dirki o'er di amper honderdste teenspoed in goeie luime was fal ni te denk ni. Ek kon ni help om stilweg te lag ni toen ek siin hoe ernstigdi ou met di lege geweer na di wa'e toestap.

Di ander dag gaan ons weer jag, want ons begin toen al 'n bitji meer wild te kry. Met di weggaan fan di wa'e af sê ek : het oom nou ni weer iits fergeet ni ? Né, sê di ou, nou is al myn skiitgoed agtermakaar. Wel, ons loop dan as tefore so 'n endji fan makaar af opdat di een di ander ni moet hinder ni. Ons was ni te fèr ni of oom Dirki siin 'n kwagga staan ; di ou bekruip hom so 'n bitji, hy brand los en skiit di kwagga boldermakisi onderstebo, dog wyl dit ni 'n doodskoot was ni spartel di kwagga om weer op te kom en weg te hol, mar wi sê so, di ou hardloop soos 'n kiwiit daarnatoe, en eer di kwagga op di bene kon kom om te laat fat was di ou daar en ruk hom neer teun di grond, hy was so gou as 'n kat en sou nou di kwagga syn keel afsny, wat onder omstandighede di beste plan was. Di kwagga skop en gaan tekére dat dit 'n aard had, mar moeni glo ni, opkom was min, oom Dirki hou hom teun di grond en was naderhand so fèr dat hy kans kry om di keel af te sny, so gou as 'n gedagte was di hand in di broeksak, mar di mes lê nog op ni foorwiil waarnaas ons agtuur geëet en koffi gedrink het. Dog sonder enig gewoon lawaai spring oom Dirki op, en gen man sou dit gouer kon gedaan hê ni, di geweer was in 'n oogwenk gelaai, di skoot brand los, en daar lê di kwagga morsdood.

Dis waar, oom Dirki had dit in 'n uiters kritike ogenblik net smoor deur di afwesighyd fan syn sakmes, dog dat hy syn taak bisonder knap uitgefoer het fal ni te ontken ni, en daarfoor het hy 'n goeie pluimpi ferdiin. Hy was dan oek so reg in syn knoppiis o'er di afloop fan di jag fer di dag, temeer wyl hy 'n kwagga meester geworde is en ek niks geskiit het ni. Syn buit werd na di wa'e gebreng, netjiis afgeslag en di fel mooi oop gespalk en droog gemaak. Hy was tedanig gesteld op di fel nes o'er syn seuntji Fani. Dit was dan oek net 'n mooi kwaggafel, geskik om op te slaap, en so het oom Dirki dan toen oek gedoen. Of hy bang was dat myn bed altemit op 'n gedeelte of op 'n stukki fan di fel sal kom het hy ni gesê ni, mar fan toen af slaap hy ni bo op, onder, of naas di wa'e ni, mar so omtrent 5 of 6 tré'e fan di wa'e af. Nou di eerste paar nagte het dit goed gegaan, ofskoon di ongediirtjes regte fol-op is daar in di omgewing. Smorrens gesels di ou gewoonlik oer di lekker slaap in di ope lug so 'n klyn endji fan di wa'e af. Naby sowel as ferder fan di wa'e af staan so hiir en daar 'n boom tussen di gras en struike.

As di ou baas saans di kwaggafel so nettjiis oop spry met so 'n paar beddegoetjiis daaro'er, en hom so ewe fergenoeg in syn kombers toe rol, dan kry ek gewoonlik 'n glimlaggi en denk : as een of ander brutale wolf een nag di fel beet kry, onder hom uitruk en daarmé weg hol, wat sal di ou dan tog skrik en spyt hê fan di fel. Wel, di derde of fiirde aand gaan di ou weer so lekker slaap. Omtrent so 'n bitji o'er middernag hoor ek 'n rumoer

en 'n beesagtige lawaai met di fel, doef, doef, hoor ek, wyl oom Dirki teen imand of iits raas, skel en huil, alles was tegelyk en deurmakaar. Haastig kyk ek uit di wa'e uit en wis dadelik wat dit was, mar ek siin oek dat daar gen gefaar is ni. Di gefal was dit: Daar het 'n wolf di kwaggafel beet gepak en wou daarmé weg hol, mar oom Dirki was te swaar, egter het hy daarom daarmé so 'n tré of 10 fort gehardloop, hiir teun 'n miirhoop en daar teun 'n boom, dog toen laat hy di fel los en hol weg op di gedoente wat oom Dirki maak. Di ou was fas gewoel in di kombers toen di wolf met di fel afsit, hy kon hom ni gou genoeg los woel ni wyl hy nog half and slaap was, dog toen hy di paar stampe kry was hy meteen nugter wakker; dit was juis met di twéde stamp teun di boom dat di wolf di fel los laat en di ou baas so op hande en foete tereg kom. Ofskoon di wolf wellig o'er di freselike geraas en rumoer, hiir flak teun syn kop, weg hol, kon oom Dirki nog gen kop of stert an di termult kry ni, en daar dit maanlig was lyk alles daar in di ronte na spoke of wolwe, en oom Dirki was so gou as 'n kat in di boom; nadat hy nog so 'n bitji lawaai gemaak en gehuil het, bly hy stil. Ek dog: ja sit mar daar tot dag toe, misskiin kan dit nog goed doen fer jou dwarskoppighyd.

Dit was skaars lig g noeg di morre om te weet dat dit begin dag te wo de of oom Dirki was by di wa'e. Ek hou my toen of ek fan niks weet ni en fra: waar kom oom dan so froeg fandaan en dit sonder hoed of bô-broek? Hy sê: kêrel, praat jy nog? Slaap jy dan soos 'n klip? Het jy dan ni di gebrul gehoor fan di leeus ni? Hulle het mos fannag myn kwaggafel onder my kom uitruk en daarmé 'n end weggehardloop, ek het net hard moet feg om ni o'errompel te worde ni, en dan slaap jy nog as of jy daarfoor betaal word! Syn feerbulsakki en kussen was tedanig stukkend geskeur sodat di fére sommar gesaai was daar in di ronte waar hy di termult met di wolf had. Di hoed en broek is tot fandag toe nog weg. Natuurlik moes ek di ou baas toen te hulp kom in wat hom ontbreek. Kort daarna het ons ferder gery na di Sambesi en Tati. O'er ons afonture daar in di streke en jagtery hoop ek later di een en ander mé te deel.

P. T. C. DU PLESSIS.

Klipkraal.

UIJE is een van di gesondste soorte kos wat daar te vinde is.

'N MENS sal doodgaan deur gebrek an lug in vyf minute; deur gebrek an slaap in 10 dage, deur gebrek an water in 'n week.

SPYKERS kan 'n mens in harde hout slaan, sonder dat hulle ombuig, deur hulle eers in vet of oli te steek.

Onbeskrywe of ferkeerd beskrywe Bladsye uit ons Geskidenis.

DI SLAG FAN BRONKORSSPRUIT.

IN Mapogsland is 'n dorp met di naam fan *Roossenekal*. Di naam hou 'n treurige herinnering lewendig fer toekomstige geslagte. Dit beteken dat daar begrawe lê twe fan Transfaals grootste helde uit di fryhydsoorlog, daar alby ferraderlik doodgeskiit is deur Kaffers uit Klipskeure. Di een is Stefanus *Roos*, di held fan Amajuba, di man wat di kop geneem het sofer 'n mens syn hand dit gedoen het. En di ander is feldkornet *Senekal*, fan Rustenburg, di held fan Bronkorsspruit.

An di nagedagtenis fan di eerste het ons reeds hulde gebreng deur 'n beskrywing fan di slag fan Amajuba, met syn portret daarby. Nou wil ons di naam fan Senekal oek an di fergetelikheid ontruk deur di beskrywing fan een fan syn heldedade, namelik by di slag fan Bronkorsspruit of Hondefifiir. (Ongelukkig kon ons syn portret ni kry ni, anders het ons dit oek gegé; mar as een fan syn famili of frinde ons syn portret wil stuur, sal ons dit in 'n follende nommer gé).

Ons noem feldkornet Senekal *di held fan Bronkorsspruit*. Dit sal meer as een ferwonder, omdat hulle molik froeger nooit syn naam gesiin of gehoor het ni, mar alleen di naam fan Kommadant Frans Joubert. Ja, myn goeie frinde, dit gaan mar baing in di wereld so. Wat di koring verdiin, kry di kaf. Di bye maak heuning, mar di mens eet dit. Di skape groei wol op hulle rug, mar di mens skeer dit af en maak fer hom klere daarfan. So het dit gegaan, en so sal dit gaan. Di een het di naam, en di ander di daad. Di geskidenis is daar fol fan.

Hoor nou hoe di slag gelewer is en oordeel dan self. Dis an di skrijwer hiirfan fertel deur al drie persone wat di slag angefoer het, wat ons later sal noem, en deur 'n menigte andere ooggetuige. Dus wat julle hiir lees is di grondige waarhyd en niks anders as di waarhyd.

Toen di Republiik weer opgerig is op Paardekraal en di Regering hersteld was an Hydelberg, werd kommadante gekiis fer di ferskillende distrikte, om met alle spoed hulle dorpe en publike kantore in besit te neem, en waar hulle dit ni kon doen ni, di dorpe te beleger en so alle kommunikasi fan di Engelse af te sny.

Mar daarby moes nog dri spesiale kommandos uitgaan met bisonder, fersegelde orders: 1) Generaal Joubert gaan met 'n paar honderd man na Langnek om Colley te keer wat met troepe ankom uit Natal; 2) Generaal Cronjé gaan met 'n kommando om di Proklamasi fan di herstelde Repu-

bliik te laat druk en meteen Potchefstroom in te neem ; en 3) Kommadant Frans Joubert werd gestuur om Colonel Anstruter, wat met 'n klomp soldate en kos en skiitgoed op weg was fan Lijdenburg na Pretoria foor te keer, en as hy hom ni wil laat keer ni, dan mar los te brand.

Wel, di kommando ontmoet di Engelse tussen Middelburg en Pretoria, naby Bronkorsspruit omtrent 4 uur fan Pretoria, net terwyl hulle afsak fan di bult na di spruit toe. Hulle was in 'n laagte en di Boere kom omtrent 300 tré fan hulle af agter di bult uit. Dis nou pure bog om te praat fan ferraad, en foorlê agter klippe en bosse. Dis kale feld, soos elkeen nou nog kan siin. Klippe is daar gaar ni, en di enkele doringboompi wat daar staan is so dun dat 'n man dit met syn twe hande kan omfat. Mar wel in foordeel fan di Engelse was dat hulle 'n oue, diip uitgeryde en uitgespoelde holle pad had waarin hulle gekoes het toen di fegtery begin.

Toen di boere op di bult uitkom trek di Engelse streep wagens omtrent 'n halwe myl lange tryn fort met di musiik bende foorop. Kommadant Frans Joubert stuur toen ene de Beer met 'n brifi an di Kolonel (follens syn instruksi) namens di Boere regering : dat hulle ni weet of dit frede of oorlog in di land is ni, en dus gen beweging fan troepe kan toelaat ni ; dus moet hy bly waar hy is, en as hy fort trek sal hulle dit as 'n daad fan fyandskap beskou en behandel. Toen de Beer di brifi an di Kolonel o'erhandig lees hy dit en smyt dit toen op di grond en sê : " Myn orders is na Pretoria, en ek gaan na Pretoria." De Beer gaan toen terug en di offisire gé an di troepe order om fer hulle klaar te hou en hulle fisiirs te set op 300 tré, want hulle het gedenk di Boere sal bo fan di bult af skiit.

Sodra De Beer met di berig terug kom en di boodskap an Kommadant Frans Joubert gé, roep hy syn offisire by makaar en sê ; dan moet hulle mar onder makaar regel hoe hulle di anfal sal maak. Daar was toen Feggeneraal Smit met 'n klomp mense fan Ermelo, Kommadant Daniël Erasmus met 'n klomp fan Pretoria en Feldkornet Senekal met 'n party Rustenburgers. Hulle stel toen foor dat Generaal Smit di anfal op di middelpunt fan di fyand sal maak ; Daniël Erasmus op di agterhoede ; en Senekal met syn manskap op di voorhoede. Nou het hulle ni beter geweet ni as dat daar kanonne op di foorpunt was. So sê feldkornet Senekal nog : " Ja, nou stuur julle ons weer op di kanonne. Mar dis niks, julle set tog altoos ons Rustenburgers op di swaarste plek."

Daarop ja di boere toen storm en toen hulle afspring was hulle in 'n halwe maan : di foorste en agterste klomp spring baing nader an di fyand af as di middelste. Di Engelse fuur dat dit so kraak, mar di boere ja storm onder di kogels in ; en omdat di fisiirs op 300 tré gestel is, skiit di Engelse al o'erheen. Waar Feldkornet Senekal afgespring het was net 50 tré fan di Engelse af en so syn mense oek in 'n skuins agteruit wykende ry. En waar hy afgespring het, het hy op syn een kni gaan lê, en het hy so gebly skiit tot di slag op 'n end was.

Di slag was finnig en het oek ni lank geduur ni. Di Engelse het so geweldig gefal dat di Kolonel orders gé om mar o'er te gé anders sou gen een o'erbly ni. Di soldate goi dan oek somar hulle wit kurk hoede en keppiis op as teken fan o'ergaaf. Di boere hou dadelik op en gaan toen nader. Toen kom Kommadant Frans Joubert fer di eerste weer foor di dag. Gedurende di slag het nimand hom gesiin so fêr ons gehoor het ni.

An di boerekant was net een man gefal, namelik Kieser, mar an di Engels kant was dood en gewond. Kolonel Anstruter was self ernstig gewond en is oek later an syn wonde o'erlede. Mar toen di Boere by hulle kom het hy nog eers syn sawel afgehaal en an kommadant Frans Joubert gegé met di belydenis dat dit 'n eerlik en dappere gefeg was an di kant fan di boere.

En dapper was dit seker. Want fereers, di Boere het ni beter geweet ni as dis di eerste slag fan di oorlog. (Generaal Cronjé had toen al gefeg an Potchefstroom, mar hulle het dit ni geweet ni). En dan moet 'n mens denk dat di boere by di eerste slag mar skrikkerig was, want an di Kaap, en in Natal, en by Boomplaas, in alle froeger gefegte het di Afrikaners moes wyk fer di o'ermag fan di Engelse. Dan moes hulle op di ope feld storm jaag teen di Engelse. Mar di dapperste fan al was di daad fan Senekal, om storm te jaag tot op 50 tré, terwyl hy ni beter geweet het ni, of di Engelse het kanonne, en di boere was baing bang gepraat fer di Engelse kanonne.

Nou is fan agter deur di Engelse anmerking gemaak dat di boere later di gekweste soldate moet dood gemaak hê, want daar was betrekkelik so min gekweste in ferhouding tot di getal gesneuwelde, en di laaste had di meeste kop-skote. Mar dis heel natuurlik fer elkeen wat op di plek was. Di boere was hoger as di Engelse, teen di hang fan di bult. Dan het di Engelse gekoes in di oue holle pad. Mar nou had di meeste mos di domme witte kurkhoede op. En dis mos 'n baing mooi tyken. Nou staan di boere klaar en soos een syn kop optel, dan wip di kurkhoed.

Dit ly ons om 'n grap te fertel wat gebeur is onder di treurighyd fan di slag. Een fan di wadrywers was ou Plattji. Nou wel, ou Plattji was froeger posryer tussen Middelburg en Pretoria en baing fan di boere het di ou hotnot geken. Toen di skitery begin het ou Plattji onder di goed in di wa gekruip. En toen di boere di wa'ens deur

kyk, kry 'n paar fer ou Plattji an di bene beet en trek hom daar uit, en een fan hulle fra : " Alle wêreld, ou Plattji, wat maak jy hiirso ? "

En ou Plattji begin syn kop te krap en rond te trap en sê : " Né, myn basiis, dis ni myn skuld ni. Ek het fer hulle gesê, dit sal fandag 'n korrel-en-fisiir-gewerskaf afge. Mar hulle wil mos ni hoor ni. En toen di skitery begin hoor ek mar net klap op di kurkhoede, en ek sê by my self : Dis raak ! Dis raak. A ja, ek het fer hulle gesê, dis fandag 'n korrel-en-fisiir-gewerskaf." Natuurlik moes hulle lag onder di erns en ou Plattji kry 'n sopi om di skrik af te spoel.

Di slag was fan baing belang fer di Boere. Fereers het dit hulle moed fersterk en di fan di Engelse ferswak, want dit was 'n totale o'erwinning. En dan het hulle daarby baing profisi en ammunisi buit gemaak. En dat di o'erwinning so beslissend was is fernamelik te danke an di dappere Senekal, en syn naam behoor hoog te staan onder di helde fan Suid Afrika

Daar leg nou in di afgelege Mapogsland di grafte fan di twe helde fan di Fryhydsoorlog : fan Senekal wat di eerste beslissende slag angefoer het an Bronkorsspruit en Roos wat di laaste beslissende slag gelewer het an Amajuba : alby mar feldkornets, alby bloed jonk, alby ferraderlik deur kaffers doodgeskiit, en alby ni erken en geëer na behore ni.

Journaal fan A. A. Cilliers.

ABRAHAM A. Cilliers is gebore op 24 December 1818, in di distrik Swellendam. (Di plaas was waar di dorp Robertson nou leg, in di Kaapkoloni). Alles was daar destyds nog woes en byna onbewoond, en di wat daar woon was seer arm en werd so ferdruk deur di Engelse Regering en Hottentotte, dat myn ou'ers en andere frinde 'n plan kry om hulle faderland te ferlaat, om elders in 'n freemde land te gaan woon. Mar foor myn ou'ers hulle plan kon uitfoer kom di liwe Heer en neem myn fader fan ons weg deur di dood in di jaar 1825, myn moeder nalatende met 5 kinders, waarfan ek di oudste was. Bitter was dit toen fer 'n moeder om 5 kinders te fersorg, wat onder sulke ferdrukking ferkeer.

In di jaar 1827 trou myn moeder weer met Schalk Willem Bruwer, 'n seer knappe en 'n man fan gesond ferstand ; oek hy was nes myn o'erlede fader, een wat na 'n freemde land dors.

In di jaar 1838 fertrek ons uit di Kaapkoloni met 'n gesin fan elf lede, en kom nog diselfde jaar tot so fer as di Grootrifiir, en di follende jaar 1839 in di Frystaat, of liwers in 'n woeste Heidense land, waar niks as wild te finde was. Diselfde jaar toen ons in di Frystaat kom moes myn fader en ek op kommando na Natal, mar di masels breek in di lager uit en ons werd genoodsaak terug te keer. Nog diselfde jaar gaan ons met onse trek na Natal om daar te gaan woon. Ons was daar ni lank ni of ons moes weer ten stryde gaan teen di wrede Dingaan, di Sulu Koning.

In di jaar 1840 weer terug na di Frystaat, en teen di ynde fan 1840 gaan ons weer op kommando en kom 1841 terug met 'n grote trop buitgemaakte fé fan 3 of 4,000 beeste, en in 1842 kom di Engelse in Natal ; op nuw oorlog. Freeslik was di toestand toen ; alles was bitter duur en almal soek toen om na 'n ander oord uit te trek.

In 1844 trou ek met Anna Becker, en toen weer fan Natal na di Frystaat, en di follende jaar trek ons di Faalrifiir o'er met di oog op Delagoabaai, en festig ons te Origstad. Alles was woes en onbewoond. In di jaar 1849, toen ons begin rustig te woon en alles an di bloei was, breek di koorssiikte in ons klyne kring fan 12 wit mense en 2 Kaffers uit.

Gen maand ferloop ni of daar was gen een fan ons, wat di een 'n druppel water kon gé ni. Gelukkig woon daar 'n sekere Jakob Malan en skoonmoeder Hester Schutte, wat fer ons getrou besoek, soms in di nag. As hulle daar kom was daar gen enkele lig in di huis ni, dan moet hulle weer terug om lig te gaan haal. Allerakeligs was di toestand toen 4 fan di 12 sterf daaran. Myn diirbaarste wat ek op aarde had, myn frou, myn skoonouders, en swa'er. Myn frou was reeds dri da'e dood, toen sy gekry werd met 'n klyne kind wat nog an haar suigende was. Ek was al di tyd bewusteloos en wis fan niks. Di lyke liit Meneer Jacob Malan begrawe, op syn yge koste, waarfoor ek hom nog ni genoeg kan dank ni en syn nakroos.

Nadat ek hersteld was, fraag ek na myn frou en di dri kinders ; tot antwoord kryg ek, dat myn frou reeds weke begrawe is, en dat myn kinders by 'n Kaffer was, waarfan di jongste 7 maande oud was. Foor di koors by ons kring uitbreek, was ons byna altyd op olifantsjag uit gewees.

In 1846 gaan ek op jag uit, waar ek 16 dage deur breng geheel alleen, slegs met myn geweer en ek skiit net twe olifante. Na ferloop fan 15 dage gaan ek weer met 'n maat om di tande te gaan haal, en na 2 dage fan huis te wees skiit ons ses olifante en 'n tydji later weer dri olifante.

In 1848 weer op 'n jag met 8 persone toen skiit ons elf groot olifante, waarfoor ons 1,600 rykskalers kry, al bestaan wat ons toen had om geld fan te maak.

Na di dood fan myn frou, skoonou'ers en swa'er kom myn een swa'er, Ign. du Plessis om fer ons mé te neem. Ons gaan en kom in 1849 weer in di Frystaat an. 'n Jaar daarna is ek weer getroud

met Isabella Steenekam, en na ek 3 jare met haar getroud was, is sy plotseling o'erlede.

In 1853 gaan ek te perd weer o'er di Faalrifiir. Myn perde kry di perdesiikte, alby dood, en ek kry di masels. Toen myn laaste perd dood was sit ek op 'n kale bult, op 'n miirhoop, so siik dat ek denk om daar in di woeste plek te sterwe.

Mar weer gé di liwe Heer uitkoms. Daar kom 'n Duitse handelaar wat my opneem en my na Meneer Geldenhuizen breng; daar was ek enige dage siik en toen fandaar na Bloemhof in di distrik Bethlehem, waar ek destyds woonde.

In 1856 kom Marthinus Pretorius met 'n kommando fan Transfalers di Frystaat binne om di Frystaat in te neem, weer meer as 'n maand op kommando, en hy was ferplig om terug te keer.

In 1858 weer op kommando met di Basoetos. Di Kaffers kom tussen ons in, en 2 blanke en 7 Kaffers bly op di slagfeld.

In 1861 is ek weer getroud met Wilhelmina Stoop. In 1865 breek di oorlog weer uit met di Basoetos, waar ons 'n jaar in di bitterste ellende deurbreng. Dit was met Witzies kommando in di distrik Lindley, op di plaas Groenfly. Baing blanke werd toen fermoor, en waaronder oek myn skoonfader was, 'n oud en afgeleefde man, by syn skape met 'n byl doodgeslaan. Al syn fé werd weggeneem, oek al ons fé. Ek had toen net een kalf o'er. Di swarighyd wat ons toen gely het is onuitsprekelik.

Gedurende di oorlog fan 1865, was di koors so hewig in di frou'e lager, dat byna in elke tent een deur di dood werd weggeneem. Alles was bitter duur; di huise ferbrand.

Dit was 'n bittere geween toen alles afgeloop was, mar oek 'n grote freugde en dank an di liwe Heer wat ons deur alles geholpe het.

Myn stiffader sterf te Maritzburg in 1844, myn moeder nalatende met 5 kinders, waarfan twé nog lewe.

Myn moeder sterf in haar 76ste jaar. (Sy was gebore Retief) op di plaas Uitdraai pad, distrik Bethlehem.

Een fan myn ei'e susters was getroud met Chris. Pieterse, en myn ander suster Hester met Petrus Wessel Pieterse, waarfan een famili o'ergebly is, oek sy is reeds lang di eeuwighyd binne gegaan.

Met myn laaste huwelik had ons 12 kinders, waarfan 4 o'erlede is.

In 1893 kom di Heer weer en neem myn diirbare eggenote deur di masels fan myn sy weg, my nalatende met 7 kinders, waarfan 4 nog onmondig was.

Meneer J. Bruner, myn stiifbroer, laat haar, myn eggenote, op syn onkoste en uit syn huis begrawe, waarfoor ek hom en syn kroos altyd sal dank. Ek woon nog by hom te Modderfontyn, distrik Bethlehem.

Meer had ek kan fertel, mar ek is reeds swak fan ferstand; want ek het oek reeds byna 79 jare en baing moeite agter myn rug.

Alle frinde en jonge mense wat dit lees dank God dat julle ni sulke rampe had deur te staan ni, en staan as dappere manne in tyd fan oorlog; dog ni sonder op di Heer te fertrou ni. Ons het ons land duur met ons bloed gekoop.

Met hylwense, julle Frind en Fader,

A. A. CILLIERS.

Ferskil tussen Holland en Afrika.

II.

TOEN ek so'n rukki in di land was, het ek 'n bitji op di boerplase gaan rondkuier. Daar moes ek natuurlik o'erals fan Holland fertel, tot ek so stokflou was; mar een keer sê ou oom Frans fer mij: "Né, jong, dit kan ek tog nooit glo ni." En wat denk julle was dit? Ek fertel fer hom dat fan uit Amsterdam waar ek gewoon het, 'n man te foet 'n wandeling kan maak fan omtrent 2 uur, en daarbij ni minder as dri ferskillende dorpiis deurkom. Dit was fer di ou Oom tog al te wonderlik, en dit is tog waar.

Mar in di weste fan Holland is dit ook gans anders as hiir. Di mense hou mar net koeie, of maak lande. Di lande waar di koeie op loop is mar net soos 'n stuk gesaaide, so dig staan di gras, en hulle het dan natuurlik ni baing grond nodig ni. Di mense woon oek ni op hulle grond ni, mar bly almal op di dorp, en hulle grond is rondom di dorp; ider man syn stuk is fan di fan 'n ander gesky deur slootjiis of draad.

Di grond is oek ni klipperig ni, en oek is daar ni berge ni, sodat elke duim grond gebruik word. Dat di grond so sag is, gé daarom mar baing las as 'n man moet bou. Julle ken mos di rympi:—

Holland staan op pale,
Di duiwel sal se hale.

'n Man moet oppas dat hy dit ni fer my sê ni, want ek is somar kwaad. Mar tog di eerste gedeelte is waar. As 'n man 'n huis wil bou, moet hy eers pale in di grond slaan 3 of 4 foet fan makaar. Di pale is omtrent twintig foet lank, en word met baing moeite en 'n grote engin in geplant. As nou di pale diip in di grond is, dat hulle koppe gelyk met di grond is, word di fondament daarop gelê. Di palys fan di koningin in Amsterdam is op 13,659, (dertiin duisend ses honderd negen en vijftig) pale gebou.

Di ygenaardigste fan so'n grote stad in Holland is met di gragte. Ek sou graag fer julle 'n

prentje wys ; want ek het 'n klomp portrette fan Amsterdam, mar dit sal moeilik gaan.

In 'n bré'e straat grawe hulle 'n dipe en bré'e sloot, dat 'n man met 'n skuit daarin kan rondry, en baing goed wat anders met wa'entjiis moes ferfoer worde, word op 'n skuit gelaai, wat baing makkeliker is as met perde. An weerskante fan di water is natuurlik nog plek genoeg fer mense om te loop en rytuige om te ry.

Fer di keer genoeg, frinde, 'n ander keer sal ek weer wat fertel. Tot solang.

'n Mof.

Eeselsery met myn Skrywers en Lesers.

Di skrywers fan lange stukke soos di Koningin fan Skeba en di Roosknoppi, moet di ferhaal afbreek. Gewoonlik doen hulle dit dan juis op sulke plekke dat di leser nuwsgirig is om di ferfolg te weet. Dis reg genoeg. Mar nou doen baing skrywers wat *korte* stukkiis stuur dit oek na. En dis *ni* reg genoeg ni. Di wat korte stukke skrywe, moet dit eenkeer klaar maak.

Di wat dus halwe stukkiis gestuur het moet di ferfolg stuur, dat ek kan siin *of* ek dit kan opneem.

Di gedig "Hoe Groot Klaas fer Klyn Klaas gefop het en hoe Klyn Klaas fer Groot Klaas di Waarhyd fertel het" deur "Slipper" lyk fer my meer na 'n soort fan Paskewel, en ek wil tog ni graag kwaadstokery beforder ni. Oek lees dit ni fer my mooi, sodat dit tot pelsiir of nut kan wees ni. Daarom moet di nefi wat dit geskrywe het fer my tog ni kwalik neem dat ek dit ni opneem ni.

* * *

Nog gedurig ontfang ek fan ferskillende kante frage in hoefer *Di Roosknoppi* en *Di Koningin fan Skeba* werkelike gebeurtenisse is. Dit ferwonder my, want ek het di saak al meer as eens uitgelê. *Di Roosknoppi* is geheel 'n ferdigte ferhaal, en *Di Koningin fan Skeba* is, soos bôan staan, 'n "historise roman," dit wil sê: di hoofgebeurtenisse is waar, mar om dit lewendig foor te stel is di bisonderhede bygewerk.

Nou fra party of dit dan *leugens* is. Né, dis ni *geskidenisse* ni, en dis oek ni *leugens* ni, mar ferdigte ferhale. Want wat is 'n leugen? *As imand iits uitgé fer waarhyd wat ni waar is ni, om andere daardeur te misly.* Mar as imand iits gé as 'n ferdigte ferhaal of fergelykenis, om een of ander iits daardeur duidelik te maak, dan is dit gen leugen ni. Want di Bybel is fol ferdigte ferhale, soos ek froeger angewys het. (Kyk mar o. a. Rigt. 9 : 7—15 ; 2 Kon. 14 : 9 ; Ps. 80 : 9—17 ; Ex. 17 : 3—18 ; Dan. 4 : 10—15, en al di Gelykenisse, Mat. 13 en 25, Luk. 15 : en 16, ens.) Fan alle tyde was dit dus gebruikelik om in ferdigte ferhale sekere dinge duidelik te maak. Soos nog in latere tyde "Bunyans Christens Reis naar de Eeuwigheid," di "Joodsche Brieven," di "Prins uit het Huis fan David," ens.

Nou is di fraag by sulke ferdigte ferhale ; 1) of di ferhaal self ni onbehoorlike dinge befat ni, en 2) of di strekking daarfan goed is? Nouwel, neem nou eers *Di Roosknoppi*! Di doel fan di ferhaal is 1) om leeslus by di jeug op te wek ; 2) om ware nasionalityt an te kweek en afsku te ferwek teen 'n false nalopery fan al wat Engels is ; en 3) om te laat uitkom dat reg en geregtighyd op di end bôdrywe en kwaad gestraf worde. Nou is di fraag: is di drifoudige doel goed of ni: en is di ferhaal so gestel dat dit beryk is of ni? Daarop kan di lesers self antwoorde.

Wat di *Koningin fan Skeba* angaan, di sê self dat dit 'n "Historise Roman" is, met di doel om, uit oue geskrifte same met yge waarneming fan di oue monumente en myne, di tyd fan Salomo en di goudgrawery hiir te laat herlewe, om aldus leeslus en belangstelling en selfs historise kennis fan di oue tyd te beforder by di lesers, en fan alle kante kom getuigenisse dat dit an di doel beantwoord.

Nou het ek 'n duidelike ferklaring fan di saak gegé en hoop di lesers sal nou tefrede wees.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 bevat di name van Kerkeraads lede van gemeentes in di Koloni, met getal van lede, sile, gedoop, angeneem, ens.—Prys 6d. Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry, en glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brandsiikte wet van 1894 ; di kos alleen al 1s. 6d. Dan 's daar 'n gids (of 'Directory") van sowat al di dorpe en distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrengste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge en dit alles net ver 6d. nou dit al laat in di jaar word.

Dit word berekend dat daar elke minuut 67 mense op di wereld doodgaan en 70 mense elke minuut gebore worde.

Di biir brouwers in Engeland gebruik jaarliks 70,000 ton suiker om biir, ens. van te maak.—As al di tabak wat in 'n jaar in Engeland opgerook word in 'n string van 'n duim dik sou gedraai worde, sal di string 30 maal om di wereld kan gaan.

RIJTUIGEN

TE KOOP BIJ

G. MALHERBE & CO.,

PASTORIE LAAN, PAARL.



Goed droog hout gewaarborgd.

CATALOGUSSEN TE BEKOMEN OP AANVRAAG.

TUIGEN.

HET geëerd publiek gelieve kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder,

netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M D. GOBREGTS, ɔrder Paarl.

DE * VILLIERS * & * CO.,

"Spes Bona Huis,"

PAARL, MODEMAAKSTERS, ENZ.,

DRESSEN EN MANTLES naar de nieuwste Mode *Netjes en Eerste klas* gemaakt.
HOEDJES EN HOEDEN met smaak opgemaakt.
BRUIDS EN ROUW DRESSEN onverbeterlijk.

N.B.—Goed werk gewaarborgd.

Vraag om Monsters en Maat vormen, maar vergeet toch niet "SPES BONA HUIS" bij het adres te plaatsen.
Telegrafish Adres:—"ACORN."

"Ons Klyntjii,"

2de JAARGANG (No. 1, MAART 1897).

EERSTE AFRIKAANSE MAANDBLAD met Printjiis, en bevat mooi Afrikaanse Storiis, Gedenkstukke en Verhale uit ons Geskidenis, Afrikaanse Gedigte met Musiik, eenvoudige Praatjiis o'er Wetenskappelike Sake, 'n Verhaal o'er di Koningin van Skeba, hoe sy by Salomo gaan kuier het, ens., ens., aller interessants. Prys 4s. per jaar. **FOORUIT BETAALBAAR.**

* * *

Nuwe Intekenaars moet hulle Adresse tog *duidelik* en *folledig* opgé, en di 4s. insluit in di briif. Elkeen wat ons 12 of meer Nuwe Intekenaars stuur, met di Intekeningsgeld same, kry "O. K.," 'n folle Jaargang, *fermiit*. Posseels fan di naburige State en Transfaalse geld kan ons hiir ni gebruik ni. Dus so min molik daarmê betaal. Poswissels is di fyligste en beste betaalmiddel.

* * *

LET OP!—Di prys fer di 2de Jaargang blyf mar 4s., (dis tog goedkoop!) mar dan reken ons daarop dat dit dan oek stellig **fooruit** sal betaal worde, daar "O. K." anders ni frymoedighyd het om hulle te besoek ni.

H. J. WEIDEMAN, Aberdeen, stuur n persent fer *Ons Klyntji*, 2s. 6d.

NOU FAN DI PERS:

AFRIKAANSE
Spel- en Leesboek

DEUR

OOM WILLEM.

PRYS: per Pos 3d.; per Dosyn 2s. 6d.

TE KRY BY

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,

PAARL.

LLOYDS & CO.,

40 BURGSTRAAT, KAAPSTAD,

Infoerders fan Ferbeterde Landbou Gereedskap en Masineri.

DI ENIGSTE SUID AFRIKAANSE AGENTE VOOR:

Olivier Harde Staal Ploege Co.'s Wereld Beroemde Ploege.
Deering Pony Selfbinders en Maaiers met Draadrollen Dragers.
Lloyds' Aermotor Windmeule en Pompe.
Di Planet Jr. Wingerd Ploege en Cultivators.
Lloyds' Crown Brand Fynste en Beste Blom fan Swawel, bewese deur di Regerings Ontleedkundige di beste Swawel te wees wat ooit in Suid Afrika verkoop is. Kyk rapport in di "Landbouw Journaal" fan 6 Dec. 1894.
Di Reus Cultivator en Graan Saaier.
Garrett & Sons' Dorsmasiins, ens., ens.

INFOERDERS FAN:

Baal Presse, Foer Masiins fer Hand- en Stoomkrag.
Wynpompe en Sproeipompe om Insekte dood te maak.
Gebuige Spring Band en Lever Egge, Land Rollers.
Wan (Koorn) Meule, Slypsteene, Saad Saaiers.
Roomafskyders, Karns en Botter Werkers.
Aardappel Uithalers, Aardappel Planters, Saaimasiins.
Omheinings Draad, Netdraad, Omheinings Pale.
Grawe, Skoffels, Mis- en Hooi Furke.
Gegalfaniseerde Netdraad fan Spesiale Kwalityt.
Singers Naai Masiins. | Koper en Yster Ledekante.
Amerikaanse Rytuige, Buggies, Karre en Spiders, ens., ens,

LLOYDS & CO.,

40 BURGSTRAAT,

(TEENOE'R DI BRANWEER STASI)

KAAPSTAD.

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, DRUKKERS, PAARL, KAAP KOLONIE.